AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

LAAT DAAR LIG WEES

A·H·M·P EK SIEN HAAR WEL

# Stroom·op

2de TERMYN 1979

# MNR. SCHOEMAN AFFIES HEET U WELKOM!

**Ons eie mnr. Schoeman is 'n ware Bosvelder. Hy het sy eerste lewenslig 'n dekade of drie gelede in Thabazimbie aanskou. Thabazimbie – berg van yster, geen wonder dus dat mnr. Schoeman onmiskenbaar 'n man van staal is nie.**

Mnr Schoeman groei op 'n Bosveldplaas teenaan die grens van Botswana op. Hy matrikuleer in 1961 aan die Rustenburgse Hoërskool. Hy staan nie slegs op akademiese gebied uit nie, maar ook op sportgebied staan hy terdeë sy man. As steunpilaarhaker van sy skool se eerstespan (deelwenners van die Administrateursbeker in 1961) maak hy sy merk ook in rugby. Voorwaar 'n man om alom mee rekening te hou.

Met sy skoolloopbaan agter die rug besluit mnr. Schoeman om onderwys in Pretoria te kom studeer en so verloor die Bosveld een van sy begaafde inwoners. Vanaf 1962 tot 1965 word mnr. Schoeman 'n Pretorianer in murg en been terwyl hy by Tukkies en die Pretoria Onderwyskollege klasloop. Einde 1965 behaal mnr. Schoeman sy graad met geskiedenis as hoofvak.

In 1966 neem hy van die Jakkarandastad afskeid om 'n onderwyspos in Pietersburg te aanvaar. Soos verwag kan word maak die "man van staal" gou sy merk en binne vier jaar vorder hy tot sen. assistent in Geskiedenis aan die Pietersburgse Hoërskool. In 1974 word hy vise-hoof van dieselfde skool. Vir hierdie lewenskragtige man was die verpligtinge en uitdagings nie te groot nie. Hy vind nog tyd om navorsing vir die R.G.N. te doen i.v.m. die vak Geskiedenis en die eksaminering daarvan. Gedurende 1977-78 word hy visehoof op Nylstroom – maar nie vir lank nie.

Toe kom die onweerstaanbare roepstem uit Pretoria. Die roepstem van die skool van alle skole, Afrikaanse Hoër Seunskool, die mekka van tradisies en prestasies!

Ons is bly en ook trots om 'n man van mnr. Schoeman se stoffasie in die pos van Adjunk-hoof by Affies te hê. Ons wat bevoorreg is om die naam AFFIE te dra, sien met trots op na ons Hoof en sy uitstaande personeel; ons is dankbaar en bly dat ons in mnr. Schoeman die regte man op die regte plek het. Mnr. Schoeman is reeds vinnig besig om sy merk hier op Affies te maak – en dit sluit sy rottang in!


Mnr. Schoeman, ons sê dankie vir die gesindheid wat u hier openbaar. Ons weet dat die pligte van adjunk-hoof veelvuldig en veeleisend is en daarom te meer haal ons ons hoed vir u af. Maar ons weet darem dat u nie alleen staan nie. Met 'n vrou soos mev. Schoeman en vier liewe dogtertjies verstaan ons hoe u ook nog vir Affies se koshuis kans sien. Die koshuismanne is gelukkig en tevrede en heet u ook baie welkom as koshuisvader. Voorwaar 'n pos wat velerlei eise aan 'n man (en sy vrou!) stel. Welkom ook aan mev. Schoeman en die dogters. Die koshuisleerlinge verseker u van hul grootste respek en agting.

Mnr. Schoeman is darem nie altyd deur net besig om te werk nie. Hy is 'n ware boerseun en baie lief vir die natuur. Hy is dus baie trots op sy plasie wat hy in Botswana besit om hom vakansies besig te hou.

Ons het mnr. Schoeman se verlof om aan te haal dat met sy aankoms hy diep beïndruk met Affies se seuns se optrede was. Reeds op die eerste dag het hul gedissiplineerde optrede in die saal 'n groot indruk op hom gemaak. Hy is opreg in sy lof vir Affies en sê: Hou dit so Affies, onthou ander mense sien dit ook raak.

Mnr. Schoeman se verdere boodskap is: "Seuns moet waarlik diensbaar wees op alle terreine. Moet nie net aan jouself dink nie, doen ook iets vir jou medemens. As iets die moeite werd is om te doen, doen dit voluit, nooit halfpas nie. Onthou – absolute lojaliteit teenoor jou skool en alles wat jou eie is, is mees belangrik.

Ons is oortuig almal in Affies het reeds aangevoel dat ons nog 'n uitstaande en besielde leier in ons midde het! Nogmaals baie welkom hier by Affies mnr. Schoeman; ons sien met hoë verwagtinge uit na die res van 1979 – ons jaar.



*"The Eagle has landed"*



# AFFIETROUE VAN DIE JAAR:

**In die annale van die Affie-geskiedenis sal 7 April 1979 onthou word as die dag waarop die bande tussen ons twee skole nog hegter gesmee is. Mnr. Pierre Edwards en mej. Aryna Lombard is naamlik op dié heugelike dag in die huwelik bevestig in die Oos-Kerk.**

Toe die stralende bruid in die pragtige rok van haar ouma en in 'n 1920 Rolls Royce by die kerk opdaag, kon 'n mens al die opwinding in die lug voel.

Nadat die bruidspaar in die huwelik bevestig is deur prof. Lombard, mej. Lombard se vader het al die gaste oorgestap na die Meisieskool vir 'n heerlike onthaal in die skoolsaal.

Die oorvloedige kosmosrangskikkings het voorwaar die gees van hierdie tintelende mooi dag perfek weergegee.

Lank lewe ons Affies bruidspaar!

Lank lewe Noord-Transvaal!

# NUWE AFFIE-HEMPIE




In die loop van die bestaan van elke skool word mylpale bereik – by Affies ook. Nie elke dag nie, en miskien selfs nie eers elke jaar nie. Affies het in sy bestaan al bie mylpale bereik – ek praat nou nie van prestasies nie; daarvoor is Affies immers bekend. Maar mylpale wat in die annale van die geskiedenis opgeneem word, dis 'n ander saak. Vanjaar het Affies so 'n mylpaal bereik. Een waaroor ons baie trots is, ek verwys na ons nuwe Affie langmou - T-hempie. Die een wat die meeste van ons al reeds so trots dra. Nou hoor ek 'n man wat vra: "Nou wat is so besonders daaraan, ek het myne sonder moeite by die winkel gekoop." Jy's reg man, mens kan dit deesdae sommer oor die toonbank koop. Maar verlede jaar, en die vorige jaar, waar het mens dit toe gekoop? Nêrens nie, want dit was net nie beskikbaar nie.

Daar moes eers nog baie kop gekrap word. Manne soos mnr. Feirrera het begin om hulle gedagtes oor 'n eie langmou-T-hemp vir Affies agtermekaar te kry. Aan mnr. Feirrera ons opregte dank. Hy was eintlik die vader van die gedagte – 'n baie, baie goeie gedagte. Toe gryp die 1979 prefekte die gedagte aan en dinge begin gebeur. 'n Geskikte langmouhempie van die regte stoffasie en snit moes gevind word. Die prys is belangrik, want die eindproduk moet elke Affie se sakvermoë pas. En die snit en kwaliteit is baie belangrik. Die nodige blok vir die afdruk van die skoolwapen moes laat maak word. Hande in die hare sit die manne. Nooit kon dink dit gaan so gaan nie. Maar toe kom 'n blink gedagte; die drie hoofseuns sit af na die kelder. Mnr. Dippenaar luister met 'n simpatieke oor en gee goeie raad en bystand. Die manne van Affies begin lig sien. Hulle weet sommer – nou gaan sake vorder. En dit het. Nie lank nie of die voorraad hempies daag op. Nog 'n paar dae en die proef van die skoolwapen vir die afdruk daag op. Mnr. Roesch gee die groen lig, en toe weer eens Kelder toe. Nog 'n paar dae, en daar's hy, alles gereed, die Affie-manne kan hom koop.

Ons opregte dank aan mnr. Dippenaar van die Kelder – sonder sy kundige hulp sou ons nie in staat gewees het om die treffer-gedagte van mnr. Feirrera ten uitvoer te bring nie. Aan hulle albei en al die prefekte, weer eens ons opregte Affie-dank.

Paul Kruger.

# REPUBLIEKDAG-VIERINGE 1979

**Soos gebruiklik het die Afrikaanse Hoër Seunskool sy tradisionele Republiekdagvieringe saam met die Meisieskool gevier. Tesame met die heugelike stemming waarin ons reeds was vir die middag se boeresport, is 'n aangename atmosfeer geskep oor die beplande byeenkoms op die hoofpawiljoen. Veral onder die minder flukse garde is daar met afwagting na die horlosies gekyk om so gou moontlik die sweet van vreesbevangenheid af te vee.**

Sonder veel aanmoediging en gesukkel het ons in ons hordes afgetou pawiljoen toe. Dit was toe reeds aan ons bekend dat die gasspreker Chris Fismer sou wees. 'n Mens kan maar net raai wat in die Affies se koppe omgaan oor dié spreker. Sy naam word mos deesdae geassosieer met studenteverenigings – of hoe? Stadig begin jy jou mossiebrein agtermekaarkry en begin jy 'n beeld oor hom te vorm. Meneer Roesch bevestig egter almal se vermoedens deur hom volledig voor te stel: In 1974 het hy aan Affies gematrikuleer en is tans studerend by die Universiteit van Pretoria. (Vir die bokjol-georiënteerdes – sommer Tukkies). Hy was in sy matriekjaar ook onderhoofseun en het homself wel deeglik onderskei op al die gebiede waar hy kon. Op universiteit word hy ook raakgesien, en, nodeloos om te sê, word hy in aanmerking geneem vir die Studenteraad. Soos dit enige Affie betaam, het hy nie daar opgehou nie, maar steeds vooruitgegaan. Hy is tans voorsitter van die Studenteraad van Tukkies, en ook onderpresident van die Afrikaanse Studentebond. Vir enige leerling kan só 'n getuigskrif boekdele spreek en 'n goeie, opregte karakter weerspieël.

Om die verrigtinge vir ons te open met skriflesing en gebed, was dominee Strauss van die N.G. Kerk Pretoria-Oos hier. Alhoewel hy nog nie lank by ons is nie, is hy al goed bekend en ook bemind. Soos wat ons hom reeds leer ken het, het hy in onomwonde taal en met 'n jubelende karakter tot ons gespreek, en in 'n paar woorde vasgevat wat ander geleerdes bietjie langer sou geneem het. Ek glo dat daar vir elkeen 'n les is in die manier waarop hy dinge doen.

Na die opening is Chris Fismer aan die woord gestel, en almal kan sien hoekom hy so hoog aangeprys is deur Mnr. Roesch. Volgens Chris is hy ten sterkste ondergeskik aan ds. Strauss, aangesien lg. president van die ASB was toe Chris self nog maar net 'n verteenwoordiger was.

Ek dink dat ons, soos die melaatse man, opreg rede het om op ons gejaagde lewenspad stil te staan en vir Chris te bedank vir die uiters positiewe boodskap wat hy gelewer het. Ons kan met trots sê dat dit net 'n Affie is wat só optimisties kan wees. Sy boodskap het in breë trekke só daar uitgesien: God het ons met 'n vaste en sekere doel aan die suidpunt van Afrika geplant. Ons voorouers het 'n harde stryd gehad om te stry, om te oorleef. 'n Nuwe volk met 'n eie taal het sy ontstaan hier gehad, maar alles kon nie net altyd voor die wind gaan nie. Gewapend met 'n roer en die Bybel het ons voorouers begin om 'n weg te baan wat deur diep dale en oor hoë kruine gegaan het, en nog steeds gaan. Wat ons posisie vandag is, is nie onbekend nie. Ons het te doen met 'n hewige rassevraagstuk wat ons beweeglikheid en aanvaarbaarheid redelik negatief beïnvloed. Ongelukkig is daar nou persone wat 'n lanferdoek voor die son sien en wat met redelike invloed besig is om die tikkie rooskleurigheid uit die toekoms te neem Hulle tas nou wild en verdwaas rond na moontlike oplossings en uitweë. Daar is egter een sielkundige riglyn wat altyd staande bly: Jy kry uit die lewe wat jy daar insit. Derhalwe moet ons ons omstandighede as 'n voorreg beskou, ons vraagstukke as uitdagings en ons sukses as 'n roeping. Deur die valse, pessimistiese lewensbeskouings opsy te skuif en realisties te dink, is ons Suid-Afrikaanse volk in staat om te oorleef, maar meer nog; om te oorwin!

Wat die indruk op my mede-skoliere was, is ek nie baie seker oor nie, alhoewel ek glo dat dieselfde was as op my . . . en dis onbeskryflik. Ek voel amper lus en sê dieselfde as die spitsvondige seuntjie van sy slim onderwyser: "Om te dink dat só 'n brein deur die wurms geëet gaan word!"

Om die program mee af te sluit is daar 'n vlaghysingseremonie gehou, maar sake is ietwat omgekrap deur Kenossie wat waarskynlik sy miesies se Pronutro in die hande gekry het. Hy het regtig nie gedink dat dit die tipe dag was om op stil te sit nie, en Juf. Holtzhausen het haar hande vol gehad om hom tot bedaring te bring, wat uiteindelik tevergeefs was.

Dit was mooi om te sien dat die kadetorkes met 'n baie netjiese vertoning vorendag gekom het. Ek het al voorheen gewonder of daar nie 'n moontlikheid bestaan dat hulle telepateer nie, want hulle doen alles so gelyk. My vermoede is egter verkeerd bewys toe Kenossie weereens sterk deurgekom het en 'n paar skynaanvalle op die agterste linies gemaak het. Dis mos toe dat ek sien dat die agterstes sonder 'n bevel die spasie vorentoe ewe vinnig kan laat krimp en dat die pas aansienlik vinniger was as voorheen. Miskien weet hulle nie dat blaffende honde nie byt nie.

Nadat Alta met puik tydsberekening die landvlag gehys het, is die verrigtinge afgesluit met die sing van Die Stem. Vol moed vir die toekoms en baie begeesterd is ons weer uitmekaar met die besef dat ons nie alleen staan in die lewensstryd nie. Ons is uiters trots op ons oud-leerlinge wat die lig steeds uitdra sodat dit vir ons lig is!



# "CB" IN AFFIES

Burgerband Radio, of beter bekend as "CB" (citizen bond) radio, het sy gewildheid orals in Suid-Afrika al bewys. Die "CB"-gier is ook vinnig besig om in Affies in te vloei en al hoe meer Affie-"buddies" gaan 10-8.

**Waar het alles begin?**

In 1973 was daar slegs 'n paar mense met radio's en meestal Amerikaners wat die radios ingevoer het. Na rolprente soos "Smokey and the Bandit" en "Convoy" waarin die genot van "CB" geïllustreer is, het al hoe meer mense begin belangstel en meer radio's is ingevoer.

So dan, het daar dan ook klubs ontstaan wat die noodkanaal(21) die heeltyd gemonitor het. Die mense was onwettig op die lug, maar het nie eintlik 'n wet verbreek nie, doodeenvoudig omdat daar nie 'n wet wás om te verbreek nie.

Toe die tyd ryp was en die owerhede die voordele van "CB" begin raaksien het, het die Poskantoor toe ook besluit om die hele speletjie wettig te maak. Vandag kan mens 'n lisensie uitneem vir R10.00 per jaar en wettiglik op nege kanale praat – of nege kanale genoeg is word ook al reeds deur die Poskantoor se owerhede bespreek, aangesien daar al by die 100 000 aansoeke om lisensies ontvang is.

**Wat is "CB" en wat doen mens daarmee??**

As daar van "CB" gepraat word, word daar verwys na tweerigting radio's. Die radio kan m.a.w. 'n sein ontvang en weer een uitstuur. Baie mense het nou die radio's in hulle motors of by hulle huise en almal praat met mekaar. Die opvangs- en versendings area is ± 20 km. onder normale omstandighede.

Om net die heeltyd met mekaar te praat mag na 'n baie oninteressante tydverdryf klink, maar is dit nie maar waarmee ons met 80% van die dag besig is nie? Wat praat oor die "CB" betref, is dit natuurlik 'n ander storie.

Daar word gewoonlik in Afrikaans of Engels gepraat, maar dit is 'n taal wat enige oningeligte persoon moeilik sal verstaan as hy skielik daarmee gekonfronteer moet word.

Hoekom dan so?

Wel, om sekere woorde oor die lug te hoor is soms moeilik en om sekere dinge te sê vat soms lank. Daarom dan is daar verskillende kodes en "slang" woorde om die speletjie interessanter te maak. So byvoorbeeld sal iets beaam word deur net 10-4 te sê, of mens sal uitvind waar iemand bly deur vir sy 10-20 te vra.

'n "Buddy" sal jou verwys na 'n "box" as jy van kanaal moet verander of jou laat 10-12 as jy 'n bietjie moet wag vir hom om 'n "skoon" kanaal te soek. As jy nie hoor wat hy sê nie vra jy hom net vir 'n 10-9 dan herhaal hy dit. Enige nuwe "CB'er" leer die taal baie gou aan.

**Voor en nadele van "CB"**

Net soos die "idiot-box" (televisie) sou CB mens uit die werk uit hou. Net so kan baie ander dinge mens ook uit jou werk uit hou en selfdissipline speel weer-eens hier 'n groot rol. Dit hang maar van jouself af om te besluit wanneer jy 10-8 gaan om bietjie te praat of wanneer mens 10-7 gaan en die praatkassie afskakel.

Wat voordele betref is daar baie oor te sê. CB is 'n rustige en opwindende tydverdryf wat baie handig te pas kom met die nuwe snelheidsgrense.

Die lang pad op die "super slab" na die "Golden City" voel sommer baie korter as jy die tydjie op die lug kan deurbring.

Kom jy nou in Johannesburg aan en jy verdwaal, dan is die CB maar weer daar om gou te gebruik om uit te vind waarheen jy moet stuur.

Ondertussen sien jy dalk 'n lelike ongeluk of 'n roekelose bestuurder en deur van die "emergency channel" gebruik te maak kan 'n "bonebox" (ambulans) of die "smokeys" (verkeerspolisie) gou in kennis gestel word.

Dan moet jy dalk jou "seatcover" laat weet jy sal laat wees vir 'n afspraak en kry gou 'n "buddy" met 'n "land line" (telefoon) om haar te laat weet.

Na die ruk op die lug het jy, alhoewel jy 'n "slang" gebruik het, ook baie goeie oefening in die rooitaal gehad as jy, soos in die meeste gevalle, verkies om Engels te praat.

Die belangstelling loop hoog en as daar soveel "goeie maatjies" 10-8 gaan in die toekoms soos wat daar alreeds is, kan Affies gerus 'n CB-klub stig, want dis lekker om met mense te praat wat mens ken. Goeie raad in verband met die hantering van die radio's kan van verskillende bronne kom. So af en toe kan 'n Affie-klub 'n "eyeball" reël en almal kan dalk saam 'n bietjie "dog-mor" geniet (ietsie saam eet). "They can even land a few brown bottles" (Dit sal liewers nie verklaar word nie!)

Hier en daar is daar 'n Affie wat graag negatiewe kritiek uitspreek oor CB en selfs hulle is welkom om die speletjie mee te maak, want dis 'n positiewe een. Alles wat mense sê en doen met die CB word altyd gekenmerk deur die positiewe houding – die ding wat CB die lekkerste maak!

# STROOM-OP?

**Is Affies nog die ware Affies, die unieke, die plek waar dinge anders is as elders, of word hy maar meegesleur deur die kloue van die hedendaagse gemaksug van die mensdom?**

Maar wie word deur hierdie fase-verandering geskaad – nie jy, 'n Affie-leerling, nie u, as onderwyser of oud-Affie nie, maar Affies! Affies is besig om ten gronde te gaan, te verander. Dit is wel belangrik watter indruk Affies skep, maar dit gaan ons nie help om teenoor ander mense en onsself vals te wees nie, want dit is wat die huidige situasie is. Affies is besig om vir homself te jok en daardeur sy eie graf te grawe. Hy is altyd besig om die fout by ander te gaan soek, terwyl hyself besig is om te verrot.

Maar waar moet die fout dan nou eintlik gesoek word? By onsself, by Affies! Ons moet eers selfondersoek doen om te kan sien dat die lewensaar, naamlik die innerlike gees van Affies, besig is om te kwyn. Daar is net nie meer die wil en geesdrif om iets aan te pak en te voltooi nie – "wat gebeur, moet maar gebeur."

Hoe kan die gees en wilskrag dan gestimmuleer word? Moet daar nie miskien meer regte aan die seniors en veral die matrieks verleen word nie? Dit is tog hulle wat die botoon in die skool moet voer, wat moet lei, inspireer en die voorbeeld stel. Maar hoe kan hulle hul pligte uitvoer as 'n standerd ses nie eens meer 'n matriek se tas mag dra nie! Siestog, die arme knapie sal seker hartversaking kry! Dit was nog altyd tradisie (en so van tradisie gepraat, net sekere tradisies word slegs deur sekere mense erken) dat die matrieks hulle onderdane kan lei en op die regte manier kan onderskraag. Dit kom egter nou voor dat die seniors geen sê in die gang van Affies het nie. Dit is tog die seniors wat die regte gees in die skool te-weeg moet bring.

Affies is een groot familie waarin elkeen sy deel moet bydra om nie verdeeldheid en tweedrag te veroorsaak nie. Affies moet soos een stroom in sy eie, welbekende, tradisie voortgaan.

Wat gaan jy, 'n Affie, aan die netelige saak doen om die "ou" Affies weer in die lewe te roep?

# BRIEWE

Geagte redaksie

As matrikulant wat daagliks hoor hoe positief ons as Affies moet wees, wil ek graag 'n vraag aan ons skoolowerhede stel: Vrydae is ons amptelike kadette-periode waar ons geleer word dat ons as skool en as jeug 'n eenheid moet vorm teen ons vyande. Op hierdie dag word ons verplig om die kortbroekuniform aan te trek. Maar nou is daar iets wat my pla: **Hoekom is daar soveel leerlinge aan wie daar nog nie eers uniforms uitgegee is nie?**

Watse tipe eenheid kan ons as skool vorm as daar orals tussen die dapper Affies wat die koue en ongerief van 'n kortbroek-uniform verduur, ander is wat met gewone skoolklere skool toe kom? Ek sal graag wil sien dat ons 'n eenheid moet vorm; daar moet óf aan al die leerlinge uniforms voorsien word, óf daar moet teruggekeer word na die ou sisteem waar almal in gewone skoolklere mag dril.

Ontevrede Matrikulant

# In Memoriam

Hierdie termyn het Juf. Holtzhausen se moeder stil heengegaan. Dié van ons wat haar geken het, onthou haar met groot bewondering en deernis en ons almal betuig innige medelye met Juffrou en haar familie.

# REDAKSIONEEL

Met die jaar amper by sy halfpadmerk, kan ons 'n oomblik stilstaan om tot siens te sê aan onderwyseresse wat na lang diens weggaan: baie dankie vir al u harde werk en moeite; aan nuwe onderwyseresse en leerlinge: welkom, u sal die skool gou leer liefkry.

Affies, julle het 'n skool om op trots te wees. Moet nooit ophou om aan haar te bou deur net jóú deeltjie by te dra nie.

Wees betrokke, neem deel, voor ook hierdie jaar dalk deur jou vingers glip.

Sorg dat jou skool se naam altyd hoog gehou word.

Sterkte vir die res van die jaar

Redaktrise

### VERDERE STUDIE —

# FINANSIËLE ASPEK

**Tot en met die sekondêre skool word gratis onderwys verskaf, maar vir tersiêre opleiding aan Onderwyskolleges, Technicons en Universiteite moet betaal word. Alhoewel diésulke inrigtings staatsubsidies ontvang, beloop die kostes wat 'n student moet aangaan 'n aardige bedrag –**

Klasgelde wissel van Kollege Technicon tot Universiteit, tussen universiteite onderling én selfs van kursus tot kursus binne dieselfde inrigting. Verder beloop koshuisgelde ook 'n aardige sommetjie nieteenstaande die feit dat dit gewoonlik die goedkoopste en beste losies is wat 'n student kan verkry indien hy nie in sy ouerhuis kan inwoon nie. Voeg daarby die minimum koste vir boeke en skryfbehoeftes en die somtotaal is op sy absolute minimum R1 500! (Die minder oordeelkundige student sal daarenteen algou die R2 000-merk oorskry!)

Vanselfsprekend skep 'n finansiële uitleg van R1 500-R2 000 per jaar vir menige voornemende student 'n wesentlike probleem wanneer in ag geneem word dat dié bedrag in veelvoude toeneem na gelang van die duur van sy kursus. Soveel geld is heel dikwels net nie beskikbaar binne die begroting van 'n normale huishouding nie en vooraf voorsiening daarvan eweeens nie altyd moontlik nie. Sou die voornemende student in hierdie posisie dan maar in die nood bly sit en sy toekomsideale a.g.v. geldtekort vaarwel moet roep? Inderdaad nie! Vir dié wat wil is daar 'n weg – Ons land se gesonde ekonomie en infrastruktuur maak dit vandag vir elke potensiële student met die nodig idealisme, werkvermoë én deursettingsvermoë moontlik om verder te studeer deurdat likiede fondse redelik vryelik beskikbaar is! Die staat, semistaats én privaatinstansies is maar al te gretig om belowende jong manne en vroue te help oplei tot die nut van ons land se toekoms – Elke goedopgeleide of goedgekwalifiseerde beroepsmens is immers 'n bate vir ons samelewing en vir die uitbou van ons eie ekonomie, handel en nywerheid.

**Wié** bied dan hierdie finansiële steun? – Alle universiteite, verskeie staats- en semi-staatsinstansies, privaatmaatskappye, privaat persone én selfs handelsbanke stel geld beskikbaar vir verdere studie.

**Hoé** kom die voornemende student in kontak met só 'n instansie wat moontlik aan hom studiefondse beskikbaar kan stel? – (i) Die beroepsvoorligter by die skool word deur heelwat instansies voorsien van inligting en pamflette i.v.m. studie-opleidingsgeleenthede. (ii) Verder, is die daaglikse koerant 'n baie goeie bron van informasie; in die sake-afdeling word op sekere tye van die jaar volop geadverteer vir belangstellende "skoolverlaters" wat opgelei wil word in vakkundige rigtings, óf wat verder wil gaan studeer aan akademiese inrigtings; (iii) Derdens kan gewone "vakature"-advertensies in koerante ook 'n aanknopingspunt vir die voornemende student bied – Wanneer hy merk dat 'n sekere instansie dié tipe werk adverteer waarvoor hy van voornemens is om homself te laat oplei, kan hy met hulle in verbinding tree en ... heel moontlik bied dié instansie ook opleidingsgeleenthede in die vorm van studiebeurse aan!

**Watter tipes** finansiële steun is beskikbaar vir dié voornemende student. (i) Vir die baie begaafde persoon is daar merietebeurse beskikbaar wat in baie gevalle geen verbintenis aan die student stel nie, hy moet slegs maar studeer en presteer! (ii) Miskien die heel beste tipe van finansiële steun is die verbintenisbeurse – geld word deur 'n bepaalde instansie vir 'n betrokke studierigting beskikbaar gestel vir die hele duur van die opleiding maar 'n student word "verbind" om vir 'n bepaalde aantal jare in diens van dié instansie te staan. Só 'n "verbintenis" het voorwaar meer voordele as nadele – eerstens is die student verseker van 'n goeie betrekking ná sy opleiding voltooi is en hoogs waarskynlik sal vakansiewerk tydens die studiejare ook hier voorsien kan word. Verder is dit 'n goeie afspringplek om genoeg en goeie ervaring op die gekose beroepsgebied op te doen alvorens daar na "beter weivelde" gesoek gaan word. (iii) Ten derde kan 'n student by menige handelsbank en ook ander privaatinstansies studielenings teen 'n lae rentekoers kry wat afbetaalbaar is eers nadat die studies voltooi is. Dit is weliswaar "minder gunstig" as meriete- en beurslenings maar ... as dit die enigste uitkoms is, is dit glad nie te versmaai nie! (iv) Ten slotte moet "indiensopleiding" ook in gedagte gehou word – menige instansies neem skoolverlaters in diens en dan word hulle volgens ooreenkoms opgelei terwyl hulle volle salaris, pensioen-, mediese- én selfs verblyfsvoordele ontvang. (Sien bv. verpleging, tegnici by Yskor, ens.) Op hierdie wyse is die student heeltemal selfonderhoudend én hy/sy bou ervaring op terwyl hy/sy studeer.

Onthou net, niemand is gestrand omdat eie finansies nie beskikbaar is nie! Enigeen met meriete – en dít is goeie matriek- en latere studieuitslae – kán in aanmerking kom vir finansiële hulp vir verdere studies. 'n Mens moet net bereid wees om te werk!

Mnr. B.P. Weideman

# VOLG JY MY

**Elke Affie ontvang daagliks opdragte om uit te voer en hy is terdeë daarvan bewus dat hy die gevolge sal moet dra, sou hy sy plig versuim. Tog is daar baie Affies wat geen ag slaan op die opdrag met die verreikendste gevolge nie; die opdrag van Jesus Christus: Volg jy My.**

Oor dié opdrag mag daar geen misverstand wees nie. Dit vereis dat jy Jesus Christus sal volg, dat jy die smal pad wat na die Lewe lei, sal bewandel. Om dit te kan doen, verg geweldig baie opoffering: jy moet jou kruis opneem en jouself verloën. Hy moet jou hele bestaan word, alles wat jy doen moet Sy lof verkondig. As jy egter weier om dié opdrag te gehoorsaam, sal jy die gevolge daarvan moet dra: die smart en die pyn van die hel, vir ewig en ewig. Dié opdrag van Christus is egter nie so hard en ongenaakbaar as wat dit aanvanklik mag klink nie; inteendeel, dit is 'n liefderyke aanbod van God. As jy Hom sal volg en Sy wil doen, sal Hy jou die Ewige Lewe skenk!

Die Ewige Lewe verleen ware kennis van God en Sy Seun, maar tog is daar eintlik nie woorde om dit wat God aan Sy kinders belowe te beskryf nie. Só wonderlik is dit dat selfs die engele van God begerig is om daarin te mag deel! 'n Lewe vir ewig saam met God, geen smart, pyn, moeite of vrees nie, net onbeskryflike geluk. Almal weet egter dat alhoewel Sy dissipels reeds die Ewige Lewe ontvang het, hulle dit nog nie so op aarde ervaar nie, inteendeel, hier is dit juis lyding wat Sy dissipels te beurt val. God bied egter Sy troos: julle burgerskap is in die hemele, nie op aarde nie, daarom sal julle verdrukking ondervind, maar Ek sal julle krag gee; Ek gee julle My vrede; bring al julle sorge en bekommernisse na My, want Ek sorg vir julle.

So gebeur dit dan ook dikwels dat dissipels van Christus onregverdig ly, of dat hulle ter wille van Hom deur wêreldlinge belaster word, maar ook dan kan hulle daarin berus dat dit alles genade by God is. God sê selfs dat elkeen wat werklik godvrugtig wil lewe, vervolg sal word (nie noodwendig letterlik nie), maar ook hier kom die bemoediging: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek is jou God en Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie". Alles wat dan ook met Sy dissipels gebeur, werk ten goede vir hulle mee."

By al dié bemoedigings skenk Christus ons ook nog dié belofte: as ons iets volgens Sy wil in Sy Naam vra, dan sal Hy dit doen, en ons weet dat ons Hom kan glo. Laat ons almal dan in Sy voetspore volg, die oë gerig op Hom, die Ware Leidsman. Maranata!

# Veertien Affies in die N-tvlse Jeugorkes


Die Noord-Transvaalse Jeugorkes, wat in 1974 gestig is, bestaan tans uit vyf-en-sestig jong lede. Benewens die sestig Pretorianers, is daar ook jongmense uit Bronkhorstspruit en Vereeniging wat aan die orkes behoort. Drie van die lede is grootmense, maar origens bestaan die orkes uit hoërskoolleerlinge. Die dirigent, Naudé Burger, is self nog jonk, dus heers daar 'n aangename gees en 'n goeie verhouding tussen orkes en dirigent.

Die orkes oefen elke Saterdagoggend van 9h00-13h00 by die Pretoriase Onderwyskollege. Gedurende die afgelope vakansie is daar 'n weeklange oefenkamp by Bronkhorstbaai gehou, waartydens die orkes hard geoefen het vir hul komende konserte. In Mei en Junie is vyf konserte gehou, o.a. in die Vereenigingse stadskouburg, in die musiekkonserwatoriumsaal in Jakob Maréstraat en in Unisa se gehoorsaal. Daar lê nog twee konserte voor voordat die konsertseisoen afgesluit word. Die musiek wat die orkes speel, sluit o.a. die Finlandia van Sibelius, die Prag- en Praalmars van Elgar en 'n trompetkonsert van Hummel in.

Vir die einde van die jaar word 'n toer na die Suidkus beplan. Konserte sal op dorpe soos Estcourt, Pietermaritzburg en Durban gehou word. Die dirigent beoog ook 'n konserttoer na Argentinië wanneer die orkes 'n bietjie groter is.

Die beste van alles is dat Affies, van al die skole in Pretoria, die grootste verteenwoordiging in die orkes het – sewe uit Seuns Hoër en sewe uit Meisies Hoër. Die orkesmeester, Gerduan de Munnik, is in AHS en selfs die trompetsolis, Barry Grobbelaar, is 'n oud-Affie!

Soos hulle orkesmeester sê: "Ons is die N-Tvlse. Jeugorkes, en ons maak musiek soos die Blou Bulle rugby speel!"



# Trompoppies

Saterdag 9 Junie het 36 trompoppies baie benoud na die rugbyveld van NKP vertrek om vir die eerste keer in die geskiedenis aan die jaarlikse trompoppie kompetisie deel te neem. Daar aangekom het ons vir die eerste keer werklik besef waarom alles gaan en die spanning het hoog geloop. Daar was trompoppies van oral en almal het net hulle beste gelewer. Na middagete het ons gaan aantrek en meteens was almal vuur en vlam en wou net met alle geweld gaan wys wat ons kan doen. Na ons klere-inspeksie moes ons nog 3 minute wag voordat ons kon optree. Dit was seker die langste 3 minute van die hele dag. Maar, eens op die veld was daar geen keer nie. Almal het net hulle "beste voete voorgesit" en te gou was ons klaar! Uiteindelik het ons tussen 28 ander groepe trompoppies op die veld vir die uitslae gewag. In vergelyking met die ander groepe het ons 'n baie kort tydjie geoefen, maar nogtans het ons onder die eerste 10 geëindig. Maar, dit was 'n heerlike dag en 'n nuwe ondervinding en aan volgende jaar se groep:

Ek sien haar wen!

Isabel Colesky

# DIENSPLIG

**Vroeër hierdie jaar moes elkeen van julle matrieks die uiters belangrike besluit geneem het, of jy eers Weermag toe wil gaan, of eers verder wil gaan studeer. Watter besluit jy ook al geneem het, ek hoop jy het eers goed nagedink en nie sommer hals-oor-kop besluit nie.**

Die mense wat besluit het dat hulle eers hul diensplig wil gaan verrig, is die persone waarvoor hierdie geselsie bedoel is. Hiermee wil ek nou nie sê dat die ander dit nie mag lees nie, trouens hulle is baie welkom, ook leerlinge wat nog 'n paar jaar op die skoolbanke moet sit.

In die omgewing van die sesde Januarie 1980 gaan daar 'n paar mammas en vriendinnetjies wees wat lang trane gaan huil, omdat hulle geliefde ou seuntjie of vriend Weermag toe moet gaan. Sommige seuntjies gaan dalk ook 'n bietjie bewoë raak, maar ek hoop daar is darem nie 'n Affie onder hierdie klompie "manne" nie.

Om weer ernstig te raak kan ons net 'n bietjie kyk wat diensplig is. Diensplig is 'n verpligte diens, net soos die woord aandui, aan jou land en jou volk. Alhoewel die diens verpligtend is, moet jy dit nie sien as 'n struikelblok of tydmors op jou lewenspad nie, sien dit liewers as 'n voorreg om jou land te dien uit dankbaarheid vir wat hierdie land vir jou beteken het en nog sal beteken. Daar sal altyd mense wees wat sê dat hulle nie iets het om oor dankbaar te wees nie, maar dink net 'n bietjie na, wie is dit wat aan jou goedkoop onderwys verskaf het, wie is dit wat jou toelaat om jou eie godsdiens te beoefen, om jou sê te kan sê vrylik en nog duisende ander voorregte wat jy kan geniet? Is dit nie die demokratiese regering van jou land Suid-Afrika nie? Ja dit is, dit weet elkeen van ons, maar ons weet ook dat hierdie land 'n rykdom aan strategies belangrike minerale het wat, as dit in die verkeerde hande beland, die hele Westerse wêreld op sy knieë kan dwing. Dit is reeds hierdie feit wat ons ook dan so aantreklik maak, vir die kommunistiese lande met hulle wêreldoorheersingsdrang.

Winston Churchill het eenmaal gesê dat 'n mens nie 'n bedreiging kan afweer deur politieke onderhandelinge en samesprekings nie, as mens nie ook 'n sterk militêre mag het om die ander party uit die versoeking te hou om eise te stel wat mens nie kan weier nie. Dit is juis om hierdie rede dat dit vir ons noodsaaklik is om 'n sterk en goed opgeleide weermag te hê. Deur middel van die diensplig stelsel kan ons hierdie doel in 'n mate bereik maar ons moet onthou dat geen weermag ooit te sterk kan wees nie.

Volgende jaar gaan jy met al hierdie dinge te doen kry. Jy gaan eerstens opgelei word om hierdie fisiese stryd teen die R.S.A. af te slaan. Jou opleiding gaan soms lekker wees en soms ook nie so lekker nie. Jy kan daarna uitsien om met nuwe en gesofistikeerde wapens kennis te maak, om kameraadskap te ervaar en ook om meer van jouself te leer en om "groot" te word. Daar is egter ook die minder aangename kant van opleiding. Dit hoef egter nie onaangenamer te wees nie, en jy, deur jou optrede en houding kan dit aangenaam maak. Jy gaan rondgejaag word, jy gaan uitgetrap word, soms skynbaar sonder rede. Julle vra my nou hoe kan dit lekker wees of lekker raak, maar het jy al gedink dat as jy nie jou bes doen, en jou kant bring nie, daar dalk iewers 'n terroris gaan wees wat fikser as jy is en dus beter as jy gaan wees en jou gaan skiet. Ons is ook geneig om altyd net negatief te dink. Sal dit nie al help, en sal dit nie alles makliker en aanvaarbaar maak, as ons die positiewe kant van 'n saak sien en nie net altyd die negatiewe kant nie. So byvoorbeeld kan ons bly wees as die korporaal ons tien kilometer gejaag het, want hy kon jou twintig kilometer gejaag het. Ons moet ook bly wees hy het ons gejaag want sodoende help hy ons om fiks te word en sodoende is ons beter toegerus vir die stryd teen die "vryheidsvegters". Ons kan ook in plaas daarvan om die korporaal sleg te sê, omdat hy jou vroeg uit die bed gejaag het, vir hom dankie sê dat hy jou laat slaap het so lank as wat hy het. Sê ook vir hom dankie dat hy doen wat hy doen. As jy jouself positief motiveer sal jy vind dat alles makliker sal wees.

Dan Affie, waar jy jouself ook al mag bevind aanstaande jaar, in die vloot, die lugmag of die leër, wees 'n positiewe burger vir jou vaderland en mag jou leuse altyd wees ek sal lewe, en as dit moet sal ek sterwe, ek vir my Suid-Afrika.

# Leer hoe om te leer

**Die uitsakking- en druipsyfer onder universiteitstudente, veral eerstejaars is sorgwekkend hoog. Opnames toon dat oneffektiewe studiemetodes een van die grootste redes hiervoor is. Opnames toon gelukkig egter ook dat studente gehelp kan word om daardie vaardighede wat nodig is vir suksesvolle studie te ontwikkel, mits die student sy studiegebreke betyds identifiseer en hulp soek.**

Studente druk hulle studieprobleme wat dikwels leesprobleme is op verskillende maniere uit:

* "Ek weet nie hoe om op te som nie – my opsommings is dikwels net so lank as die oorspronklike bron".
* "Wat is analitiese lees? Hoe word dit gedoen?"
* "Ek weet nie hoe om te evalueer nie. Sodra 'n kritiese bespreking van my verwag word, raak ek onseker want ek weet dan nog so min."
* "Ek moet dikwels 'n bladsy herlees omdat ek nie kan konsentreer nie."
* "Ek lees baie stadig en aan die einde van 'n paragraaf of selfs 'n lang sin weet ek nie meer hoe dit begin het nie."
* "Ek weet nie hoe om iets waaroor ek gelees het in my eie woorde te stel nie en my werk is dikwels net 'n onoorspronklike herhaling van die handboek."
* "Hoe moet ek hersien sodat ek sal onthou? Ek lees maar altyd net die werk oor en oor."
* "Hoe kan ek my woordeskat verbeter? So dikwels verstaan ek nie wat ek lees nie."

Dit is inderdaad goeie nuus dat daar raad vir al hierdie probleme is mits die student bereid is om daaraan te werk. Die meeste universiteite verskaf voorligtingsdienste en beskik oor 'n leerlaboratorium waar die student gehelp word om die nodige studievaardighede te ontwikkel.

As u natuurlik op hoërskool studievernuf ontwikkel, sal u 'n voorsprong bo andere geniet omdat u die tyd wat beskikbaar is vir sudie soveel beter sal kan benut. U biblioteekonderwyser/onderwyseres kan vir u van onskatbare waarde wees deur vir u betyds in te lyf in die gebruik van die outeurs- en onderwerpkatalogus in 'n biblioteek vir die doeleindes van dataversameling en in die hantering van 'n handboek – watter soort inligting gesoek word in 'n titel, newetitel, inhoudsopgawe en voorwoord, hoe om 'n voorskou en 'n naskou te doen, wat studielees behels, wat die funksie van die outeurs- en onderwerpsindeks agter in die handboek is, hoe om op te som en watter soort opsommings die beste geheuehulpmiddels is, wat aktiewe lees is, hoe u u leesbegripspoed kan verhoog, ens. U taalonderwysers/onderwyseresse sal vir u wenke verskaf oor die aktiewe uitbreiding van u woordeskat, ook dinkfoute wat algemeen voorkom en waarvoor u op u hoede moet wees.

Daar is ook verskeie boeke oor die onderwerp van studie beskikbaar. Een hiervan word deur die Universiteit van Suid-Afrika beskikbaar gestel vir hoërskoolleerlinge en universiteitstudente, *Lees beter – Studeer beter.** Die waarde van hierdie boekie lê in sy praktiese aard. Al die stappe wat gevolg moet word by die bestudering van 'n handboek word uiteengesit. Hierbenewens word tegnieke verskaf om die oogspan te vergroot, om wanritme by oogbewegings en fikserings uit te skakel, om stadige sien-sê-hoor-lesers te verander na vaardige sienlesers, om die vermoë tot konseptualisering te ontwikkel, om op te som sodat die opsomming 'n geheue-hulpmiddel is, om konsentrasievermoë te verhoog, om te leer loerlees, studielees en vluglees en so meer.

Volgens hierdie boekie kan lees beskou word as dié belangrikste studiemetode en is vaardige lees heelwat meer as net die ken van letterklanke en blote woordherkenning.

Die vaardige leser beskik oor loer-leestegnieke wat hy aanwend vir 'n *voorskou* van 'n boek. (Oefeninge vir die ontwikkeling van loer-leestegnieke word verskaf). Die doel van die voorskou is om vertroud te raak met die grootte van die druk, lettertipe, lengte van die reëls, die soort inligting wat aangebied word, die manier waarop die inligting ingedeel is, die breë gedagtegang van die skrywer, die hulpmiddele wat verskaf word soos kaarte, diagramme, kaarte en tabelle. Wanneer die leser beskik oor 'n totale raamwerk sodat hy weet waar die skrywer begin, waarheen hy wil en langs watter paaie hy loop om daar uit te kom, sal die brokkies inligting wat bestudeer gaan word, onmiddellik meer betekenisvol wees. *Die ideaal by studie is om altyd van die algemene na die spesifieke te werk – van die breë geheel af na die gedetailleerde onderdele.*

Die voorskou word opgevolg met *studielees* en dit beteken *nie* om passief met die kop in die hande gestut die eerste sin van die eerste paragraaf 'n paar keer oor te lees om dit te kan memoriseer nie.

Die vaardige studieleser lees nie woord vir woord nie. Sy ooggebruik is goed omdat hy 'n paar woorde per fiksering snap en dan dadelik die volgende woorde antisipeer. Hy is betrokke by sy leeswerk en daarom 'n goeie waarnemer. Hy kan dit wat hy waarneem in die leesproses organiseer in sy gedagtes. Sy woordeskat is omvattend en verruim daagliks. Hy is knap by die herkenning van vreemde woorde omdat hy die wenke vir die aflei van betekenisse raaksien. Hy begryp derhalwe wat hy lees. Hy kan ook analities lees omdat hy bewus is van struktuurveranderinge in die leesstof en kan onderskei tussen stellings, feite, implikasies, gevolgtrekkings, hoofgedagtes, ondersteunende inligting ens. Hy lees krities omdat hy bewus is van die soort dinkfoute, onlogiese formulerings, propagandistiese tegnieke, ens. wat dikwels in leesstof voorkom. Hy lees kreatief omdat hy inligting wat hy uit ander bronne en selfs in ander vakgebiede bekom het, kan kombineer met wat hy nou lees en dit maak dit vir hom moontlik om nuwe vrae te stel en nuwe antwoorde te vind. Ten laaste, is die vaardige studieleser nie net iemand wat *ken* nie; hy *kan* ook. Hy kan die inligting wat hy deur studielees bekom, aanwend in sy dinkprosesse om sy optredes te vorm en te rig. Oefeninge vir die ontwikkeling van hierdie vaardighede wat onderliggend is aan studielees word verskaf.

Studielees word opgevolg deur 'n *naskou* by wyse van vlugleestegnieke waarvoor daar oefeninge verskaf word. Die naskou dra heelwat by tot die behoud van die leesstof in die geheue. Verder is die opstel en die gebruik van opsommingspatrone (eerder as lang geskrewe opsommings) ook hoogs effektiewe geheuehulpmiddels.

Die komende vakansie is miskien 'n goeie tyd om te leer hoe om te leer. Ten eerste, beteken dit om vaardig te kan lees en 'n ontmoetingsmoment tussen 'n vaardige leser en sy leesstof het vir die leser groot vervullingswaarde. As u vaardig kan lees wanneer u voorberei vir die eksamen sal u die effekte van u leeswerk ervaar lank ná eksamens reeds vergete is.

'n Woord van waarskuwing is tog nodig. 'n Perd kan na die water geneem word, maar daar kan nie vir hom gedrink word nie. Net so kan die blote aankoop van 'n boekie oor studietegnieke nie van u 'n vaardiger student maak nie. Daar moet voortdurend hard gewerk word aan die ontwikkeling van studievaardighede.

(*Lees beter – Studeer beter, Miscellanea 14, UNISA 1979. Beskikbaar by die Sentrale Verkoopsmagasyn, Posbus 392, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria teen R3,00).

# OSBRAAI

**Hierdie termyn het by Affies 'n heel nuwe gebeurtenis plaasgevind – 'n osbraai vir die leerlinge en hulle ouers.**

Die doel van die obsraai was dat die leerlinge en hulle ouers almal gesellig saam kon verkeer op die terrein waar die meisies baie ure deurbring. Die kos is heeltemal gratis verskaf.

Die verrigtinge het reeds vroeg begin met 'n programmetjie wat deur die meisies in die skoolsaal aangebied is. Daarna het die tromppoppies, met Seunshoër se orkes as begeleiding, 'n puik vertoning gelewer op die hokkieveld. Om 12-uur is daar na die kospotte gestroom.

Die osbraai het puik in sy doel geslaag – dit was 'n heerlike dag. Graag wil ons die Ouer-Onderwysersvereniging bedank – dit is hulle wat met die idee vorendag gekom het en al die reëlings getref het. Die dag het getuig van uitstekende organisasie.

So 'n osbraai is 'n puik idee wat gerus 'n gereelde instelling kan word.




*Die kospotte van Egipte*

# STEDELIKE TERRORISME

**Daar is die afgelope tyd baie by Affies gesê oor die aanslag teen S.A. en die omvang daarvan. Daar is aan ons gesê hoe belangrik paraatheid is en hoe ons ingesteldheid moet wees.**

Veral Brig. Wassenaar het ons baie vertel oor die wyse waarop die kommunisme optree en die fronte waarop S.A. aangeval word. Ons aandag is gevestig op die probleem van terrorisme toe kaptein Du Plooy van die S.A.P. van die wapens wat hulle gekonfiskeer het, aan ons kom wys het.

Maar wat is terrorisme? Terrorisme word beskryf as 'n skrikbewind of skrikaanjaging deur geweldpleging en 'n terroris is dus 'n aanhanger van hierdie skrikbewind. 'n Terroristiese organisasie is gewoonlik 'n klein minderheidsgroep wat deur geweldadige optrede aandag wil afdwing op die meerderheid.



Hierdie verskynsel, en veral stedelike terrorisme, steek in die laaste tyd sy kop ook nou in S.A. uit. Stedelike terrorisme is egter nie 'n nuwe verskynsel in die wêreld nie – ons dink maar net aan Noord-Ierland wat veral sedert 1969 'n doring in die vlees van die Britse Parlement en Britse Weermag is.

In Noord-Ierland (in die besonder Belfast) word strate van stede gedurig deur die Weermag gepatrolleer. Die situasie het al heeltemal hande uitgeruk en daar word van elke soldaat verwag om die gesig en fisiese kenmerke van ten minste vyf verdagte terroriste te memoriseer sodat indien die soldaat hom/haar gewaar hy/sy in hegtenis geneem kan word vir ondervraging. Hierdie maatreël het nodig geword nadat daar agtergekom is dat terroriste sonder enige moeite die padblokkades kon ontglip.

Toe die ???? Ierse Republikeinse Leër (IRL) beter wapens gekry het en beter opleiding begin ontvang, was dit gou nodig dat die patrollies nuwe taktiek aanleer en aan die dag lê.

Die patrollies het gou geleer om nooit stil te staan nie. Al was die patrollie staties, moes hulle gedurig heen en weer beweeg of op en af beweeg sodat hulle nie maklike teikens is nie. Die patrollie en patrollielede beweeg nie meer in 'n reguit ry nie maar beweeg in sig-sag patrone. Oop spasies, straathoeke en padaansluitings word soveel moontlik vermy en wanneer dit gekruis moet word, word dit vinnig een-een gedoen terwyl die res van die patrollie reg is om dekkingvuur te gee indien nodig. Die soldate probeer om geen vaste roetine te volg nie. 'n Patrollie besoek nooit dieselfde huis of kroeg namekaar nie en hulle daaglikse roetine verskil ook dag na dag. Patrollies beweeg ook nie meer alleen nie, maar twee-twee patrollies beweeg saam en 'n mobiele eenheid is altyd in die nabyheid. Die drie-eenhede is in gedurige radiokontak met mekaar.

Dit sal seker snaaks lyk vir die besoeker want tussen die patrollies deur, beweeg die algemene publiek asof niks skort nie. Vir hulle het alledaagse geweld en die patrollies deel van die daaglikse sakie geword.

U sien dus dat terrorisme die daaglikse roetine omver kan werp. Hierdie situasie moet nie toegelaat word om in S.A. pos te vat nie. Maar wat is die taak van die S.A.P. en die S.A.W. en baie belangrik – wat is die taak van die algemene publiek as 'n noodsituasie in die vorm van stedelike terrorisme ontwikkel?

**Die taak van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP)**

Dit is by uitstek die taak van die SAP om t.o.v. stedelike terrorisme, teeninsurgensie toe te pas. Die SAW se hulp word slegs ingeroep, wanneer polisie-optrede nie meer langer doeltreffend is nie of wanneer die gesamentlike Veiligheidsstat besluit dit is nodig.

Die SAP se taak behels die volgende: Binnelandse beveiligingsituasie, kordonne en soektogte, gebiedsbeheer, padblokkades, aandklokreëlings en onderdrukking – d.w.s. beheer oor skares, protesoptogte, skakings ens. Hier word die SAW hoofsaaklik betrek weens 'n tekort aan mannekrag aan die kant van die SAP

Stedelike terrorisme het egter ook baie gespesialiseerde afdelings, wat meesal ondergronds en op een man afgespits is. Dit is bv. ontvoering en afpersing, briefbomme en ander tipe bomme, kapings, sluipskutters en selfmoordbendes Die polisie hou hulle hier besig met opsporings, optrede, ondersoek en vervolging. Wanneer daar gebruik gemaak is van militêre myne en springstowwe, word deskundige hulp van die SAW ingeroep.

Wanneer die situasie al so ver gevorderd is dat die S.A.P. nie meer beheer kan uitoefen nie, word die hulp van die S.A.W. ingeroep tot tyd en wyl die S.A.P. weer doeltreffend kan optree.

Hierdie reëlings geld alleenlik a.g.v. die getalle agterstand van die S.A.P. en nie a.g.v. enige ondoeltreffendheid aan die kant van die S.A.P. nie.

**Die taak van die algemene publiek**

Onlangs het daar 'n bom ontplof in die Carlton-sentrum in Johannesburg wat sewentien mense beseer het. Dit kon egter erger gewees het. Dit was 'n suiwer voorbeeld van stedelike terrorisme.

'n Hele paar lesse is geleer, en dit is belangrik dat die publiek kennis neem van die volgende:

(a) Reageer kalm en volgens die gesag se instruksies. Moenie jou eie kop volg nie.
(b) Moenie saamdrom nie, dit veroorsaak probleme met ongevalle en beheer oor die hele saak.
(c) Moet nie die telefoonlyne beset deur gou ers vir almal wat u ken, te bel en te vertel "daar was 'n bom", nie.

Onthou dus dat stedelike terrorisme slegs een van vele misdade is, en volgens statistieke 'n onbelangrike een is.

Daar is 'n aksie wat hom hierteen verset, nl. die Burgerlike Beskerming. Die hulp van die Burgerlike Beskerming kan van groot waarde wees vir die SAP en die SAW wanneer verlang word. Ondersteun die vereniging – dit is vir u eie beswil.

# John Short kom gesels

'n Skool Affies met skuldige gewetes en propvol motivering het Donderdagoggend 7 Junie uit die skoolsaal gestap. John Short, 'n bekende in fiksheidkringe, het ons kom toespreek oor motivering, oefening en oor die liggaam. Hy kon staaltjies vertel van bekendes soos Paul Nash, Danie Malan ens. Hy het dit reggekry om talle Affies te motiveer om te draf. Dankie, majoor Short, u het wondere verrig!

# PRESTASIES '79

**Affies . . . die eerste Afrikaanse Hoërskool in die wêreld. Wat 'n prestasie! Maar waarheen is Affies oppad?**

Die afgelope 58 jaar het Affies baie storms oorleef. Soms was hy op die kruin van die golf en ander kere weer in die maling van tye.

En nou . . . Affies bou steeds voort. Die jaar is skaars halfpad of die Afrikaanse Hoër Seunskool het reeds sy stempel op elke moontlike terrein van die skoollewe sowel as vele terreine daar buite afgedruk. Elke seun probeer sy bes en daardeur word dié een met potensiaal aangespoor tot groter **hoogtes.**

Gedurende die afgelope ses maande is die volgende prestasies deur Affies in die anale van die geskiedenisboeke aangeteken:

**Ringtennis**
**Louis Hattingh** ontvang vir die tweede agtereenvolgende jaar Junior Springbokkleure. Hy verteenwoordig ook die N.Tvl. Senior A-span en wen die SA dubbelspeltitel saam met Harmse van Rustenburg.

**Johan Hattingh** verteenwoordig op sy beurt die N.Tvl. o/19-span op die S.A.-kampieonskappe.

**Roei**
Die afgelope vakansie het **Johan Kruger** homself deeglik bewys en word aangewys as die o/16 S.A.-Kampioen in kanovaart.

**Quintus Germishuys** word op sy beurt gekies om die N.Tvl. kanovaartspan te verteenwoordig. Hy verwerf 'n 2e en 3e plek in die S.A.-kampioenskappe.

**Bofbal**
**D. Kapp** het 'n uitstaande prestasie behaal deur gekies te word vir die o/16 Suid-Afrikaanse span. Hy is dan ook een van die weinige Afrikaanssprekende spelers.

**Skerm**
**Conroy du Plessis** verteenwoordig reeds die afgelope 3 jaar die Tvl-span wat dan ook elke keer as wenners uit die stryd tree. Hy was alreeds 5de in die S.A. Junior Kampioenskappe en 4de in die Senior Springbokproewe.

**Gimnastiek**
**A. Venter** en **Louw Gerber** verteenwoordig weer eens die N.Tvl span na vele proewe en uitdunne.

**Waterski**
**G. du Preez** een van ons juniors behaal die puik prestasie om op 2 Junie tydens proewe op die Hartbeespoortdam gekies te word vir die N.Tvl-span.

**Karate**
**Garreth Britz** het alreeds 2 keer N.Tvl. kleure verwerf. Hy was vanjaar ook vir die 2de maal die S.A.-kampioen in die 45 kg afdeling.

**Riaan Meyer** verteenwoordig hierdie jaar weereens die N.Tvl-span.

**Pluimbal**
**Alec Thompson** word verkies as lid van die N.Tvl-span

**Judo**
Heelwat Affies is by hierdie sportsoort betrokke. **Ferdie Nortje** het NTvl verteenwoordig teen W.Tvl, Natal waar hy bronsmedaljes verwerf. Hy neem ook in die SA kampioenskappe deel as lid van N.Tvl vir die spangevegte.

**J. Kitshoff** het ook op 24 Maart in die skilpadsaal die eerste plek in die laergraad verower. In die Hoër graad is hy 4de geplaas. Hy verwerf dan so ook sy N.Tvl. kleure.

**Pieter Botha** asook **Nico de Jager** verwerf ook N.Tvl kleure. **S. Meets** was ook 3de in die N.Tvl kampioenskap (individueel).

**Atletiek**
**Danie Cornelius** onderskei homself die afgelope seisoen deur 'n 1ste plek en 2de plek onderskeidelik in die verspring en driesprong op die N.Tvl. kampioenskappe te verwerf. Op die SA kampioenskappe behaal hy 'n 4de plek in 3-sprong en 'n 6de plek in verspring. Tydens die Tienkamp byeenkoms van die Weermag behaal hy 'n eerste plek.

**Perdry**
**Willem Bester** behaal 5 eerste, drie 2de en een 3de plek op die SA-kampioenskappe in Bloemfontein.


**Waterplo**
**Jan Echardt van der Hoven** word verkies tot die Junior N. Tvl-waterpolospan wat verder uit heelwat oud-Affies bestaan.


**Landloop.**
**Roelof van Aswegen** verkry sy N.Tvl-kleure na 'n reeks landloopbyeenkomste. Hy doen baie goed in verskeie N.Tvl. byeenkomste.

Swem
Derek Scheepers is een van die weinige Affies wat uitblink in swem. Hy verteenwoordig N.Tvl.

**Ysskaats**
**Ric Simons** word soos voorheen weer as een van S.A. se belowendste skaatsers aangewys. Hy wen verskeie senior items asook die items vir pare op die S.A.-kampioenskappe.

**Engelse Olimpiade**
**Micheal du Plessis** eindig na hierdie eksamen onder die eerste 30 kandidate in S.A. Hy is egter die enigste Afrikaanssprekende leerling.





**Archimedes-eksamen**
**Riaan Booysen, Tiaan Claasen** en **C. Hemingway** eindig onder die eerste 16 leerlinge in Pretoria vir die chemie-afdeling van die vraestel. As in ag geneem word dat Cecil in st. 8 is, is dit 'n puik prestasie.

**Skaak**
**Pieter Botha** verteenwoordig vir die 2de agtereenvolgende jaar die NTvl-span.

**Fotografie**
**Eugene Schilz** behaal 'n 3de plek in die wit en swart afdeling van die N.Tvl-kampioenskappe. Hy verteenwoordig die span op die S.A.-kampioenskappe.

**Voortrekkers**
**Paul Kruger** en **Dawie van Staden** word tot Presidentverkenners verkies na 'n naweek lange toetsing in verskeie aspekte van Nasietrots en praktiese Voortrekkerwerk. Ook dit is 'n skitterende prestasie, aangesien daar slegs 23 in die hele Transvaal is!

**Musiek**
Ses van AHS se leerlinge behaal die prestasie om tot die N.Tvlse jeugorkes verkies te word, nl. **August Naude, Tian Claassens, Chris de Bruyn, Gerduan de Munnik** (konsertmeester) **Stefan Cloete** en **Pieter van Wyk.**

Sou ons in ag neem dat musiek nie as 'n vak by AHS aangebied word nie, is dit geen geringe prestasie nie – skole waar musiek wel aangebied word, het normaalweg hoogstens twee lede in dié orkes. Verder het **Rian Burger** homself ook onderskei deur 'n lid van die SAUK se junior simfonieorkes te word.

**Lewensredding**
**Paul Constant-Smit** presteer deur twee uitmuntende eerste plekke op die Noord-Transvaalse kompetisie te behaal in die afdelings vir dwarsbors- en vermoëswemmers-reddingsmetodes. In Port Elizabeth is hy 'n lid van die span wat Noord-Transvaal op die S.A. kompetisie verteenwoordig. Hulle verower dan ook die eerste plek.

**Koor:**
Vier Affies het al singende die hoogste sport bereik: **Michiel Combrink, Vincent Claassen, Coenrad Brand** en **Cornelis Steenkamp** is tot die Noord-Transvaalse Jeugkoor verkies. Conelis is ook tot die beroemde "Canaries" van die Weermag verkies, een van die twee lede uit Pretoria en een van die drie-en-twintig uit Suid-Afrika

Stroom-op wens al dié Affies van harte geluk. Bou op dié prestasies voort en hou ons skool sè naam hoog.

**Joh O'Reilly** word vir die tweede keer gekies vir die N.Tvl Skole-Hokkiespan

**Lorette Duncker** word vir die derde keer gekies vir die N.Tvl. Skole-Hokkiespan. Sy word gekies as kapteine van dié span.

**Revonne du Toit** word gekies vir die N.Tvl. Skole-Tennisspan.

**Didi Offerman** word Hoofleierswag van die Dirkie Uys-kommando.

**Santie Vorster** word gekies vir die N.Tvl. Skole-Hokkiespan.

**Ilse Boshoff** word gekies vir die N.Tvl. Skole-Netbalspan.

**Lizel Meyer** word gekies vir die N.Tvl. Skole-B-Hokkiespan.


**Wilana Smidt, Petra de Wet** en **Rita Nel** word hoofleierswagte en word ook gekies vir die Presidentverkennerstoetskamp.


**Laetitia Fourie** word gekies vir die N.Tvl Skole-Tenisspan. Sy word ook gekies as kapteine van dié span.

**Hanneke Nel** dring deur tot die volgend rondte van die landswye Archimedes-eksamen.

**Carol-Ann Enslin** word gekies vir die N.Tvl. Skole-hokkiespan.

**Liesbeth Botha** en **Annemarie Scott** is naaswenners in die eerste rondte van die Archimedes-eksamen.





# DIE NUWE AFFIE-GIMNASIUM

**In die suid-westelike hoek van die Affiekampus het daar 'n gebou verrys wat beslis NIE, geagte leser, 'n estetiese doel het nie . . . Dit is naamlik 'n "sweetsel" vir die Affies wat keelvol is om teen Menlopark te verloor! (Met ander woorde vir elke Affie in die land!)**

Danksy 'n wêreldwye fiksheidsmanie en aangesien daar reeds 'n geruime tyd 'n behoefte aan 'n ordentlike oefensentrum by Affies was, is die ideaal vanjaar binne die bestek van ses maande verwesenlik. Dit is grootliks te danke aan die toegewydheid en vasberadenheid van mnr. H Raath, wat vele eensame ure voor en in die kantoor deurgebring het, dat dié projek met soveel sukses van stapel gestuur kon word. Ook aan mnr. Roesch wat die groen lig vir die projek van "bo" moes kry, ons opregte dank en waardering vir u samewerking. Fondse was aanvanklik 'n groot probleem (die koste van die gewigte alleen beloop R2000), maar danksy onbaatsugtige skenkings deur verskeie lojale Affie-ondersteuners en ouers is dié probleem ook oorbrug. Ons opregte dank aan al hierdie persone waarsonder Affies soveel armer sou wees! In die besonder 'n groot woord van dank aan dié wat direk by hierdie saak betrokke was, met die besondere verwysing na Gerrit Maree wat die gimnasium as oud-Affie so doeltreffend ingerig het (teen 'n baie billike prys).

Met die opening van die Affie-gimnasium op 1 Junie 1979 is 'n nuwe era, wat sport en die algemene fiksheid en gesondheid van die leerlinge aanbetref, ingelei! Geskiedenis is vir die soveelste keer by Affies gemaak (Affies is al 'n geskikte onderwerp vir 'n doktorale tesis in geskiedkundige gebeurtenisse!!) Trou aan sy roemryke en trotse tradisie het Affies weer eens baanbrekerswerk gedoen – geen skool oor die wydte en breedte van Suid-Afrika het só 'n volledige toegeruste gimnasium soos A.H.S. nie . . ."

Met die opening van die gimnasium het Gerrit Maree aan die eregaste getoon hoe die doeltreffende apparaat ten volle tot hulle reg kan kom. Twee kragmanne van Menlopark het aan die Affies kom toon wat gedoen kan word . . . In die gimnasium, met 'n maksimum kapasiteit van 70 persone, is daar sowat 12 oefenprogramme. Hiermee word gepoog om soveel as moontlik fasette van sportvoorbereiding, fiksheid en krag te dek. 'n Radio is ook geïnstalleer om die algemene gees in die gimnasium aan te wakker en om die moeë atlete tot hoër hoogtes aan te spoor.


Met die gimnasium sal gepoog word om die standaard van alle sportsoorte in Affies te verhoog deur wetenskaplik-beplande voorbereidingsoefeninge. Verder sal dit leerline aanmoedig om hulle liggame te ontwikkel, wat onder andere hopelik sal lei tot 'n groter deelname aan sport in die skool.


Die beheer van die gimnasium staan direk onder die L.O.-Vereniging. Die 15 lede van dié vereniging is verantwoordelik vir orde in die gimnasium, toepassing van die nuut-geïmplimenteerde kaartstelsel en vir hulpverlening aan die lede van die gimnasium. Alleen lede van die gimnasium word toegelaat om tydens die bepaalde oefentye te oefen. Aangesien die fooie, wat R1 intreefooi en R2 per termyn beloop, egter besonder laag is, is daar geen rede waarom die hele Affies nie aan die gimnasium kan behoort nie. Die onderwysers is ook welkom om hul staal te kom toon. (Ek wonder of daar apparaat is om sekere velle van die anatomie van leerlinge te brei en te oefen teen die verwagte, nuwe "aanslag" . . .) Daar word ook beoog om die gimnasium later ook aan oud-leerlinge oop te stel).


Nou Affies is die bal egter in julle hande !! Daar is hard gewerk aan dié gimnasium, maar die sukses van die hele projek hang nou af van elkeen se bereidwilligheid, samewerking, opoffering en lojaliteit. Ek doen 'n ernstige beroep op julle – oefen selfstandig, maar volwasse!! Pas die apparaat op – dis ons eie! Die eerste lede van die "kerm-en-kreun-brigade" het reeds aangesluit en oefen hard, doelgerig en met entoesiasme. Kom ons volg hulle voorbeeld! Onthou – jy dra by tot die sportprestasie van ons skool. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees (asook 'n stewige akademie!) Jy kan niks verloor nie – elke druppel sweet is tot voordeel van jouself en Affies!! Dit is tog immers gesondheidsjaar . . .

Wanneer ons oor 'n paar jaar met trots terugkyk oor die roemryke oorwinnings oor Menlopark op alle gebiede . . . sal ons weet wat die grootste rede was . . .!

LAAT DAAR KRAG WEES!
L.O.V.










































# Hoekie vir Eensames



*Meisie van Messina is 'n 13-jarige blondekop, blou-oog doedie wat hou van stokkiesdraai, modderkoekies bak en blonde boerseuns. Voorkeur sal verleen word aan mede-stokkie-draaiers. Sy is ook 'n Voortrekker en hou van volkspele en kort rokkies. Géén drinkers, rokers, vloekers of dansers nie asb.! Korrespondensie met die oog op 'n ontmoeting en die moontlikheid van 'n huwelikstransaksie is ook nie uitgesluit nie . . . Spoedige reaksies sal waardeer word.*



*Silwer Sluiper van Bondstraat is in 'n verknorsing (alweer). Sy soek dringend na vriende (l.w. mans-) en stel voor dat hulle eers met haar korrespondeer. Sy is 'n vriendelike bokstertpoppie wat baie interessant kan gesels. Sluiper vra dat ons veral klem lê op haar ministeriële kontakte . . . Foto's met eerste briewe asseblief!*



"Vanilla gorilla" van die koshuis is 'n sterk, wrede karakter met 'n swaar kakebeen en 'n liggaamsbou wat (van agter gesien) sterk herrinner aan dié van 'n oorgewig miskruier. Vanilla het uitpeul oë soos 'n fonteinpadda, 'n platneus soos 'n poskantoortafel, knopperige tone soos vendusie-"springs" en 'n uitstaan agterwêreld soos 'n matriekboeksak. Aan manlikheid ontbreek onse gorilla ook nie, want hy het 'n snor soos 'n krieketspan (elf aan 'n kant) en borshare soos 'n plaas telefoon (drie kortes en 'n lange) sterkgeboude meisies bo die ouderdom van 30 jaar wat hou van kneusplekke, blou-kolle en straatgevegte kan gerus skryf aan "Vanilla gorilla" Sy adres is: Pretoria Sentrale Gevangenis, P/a A.H.S., Lynnwoodweg 1, Pretoria.




*Bloeiende Hart van Uniondale is 'n 18-jarige geskeide blonde poppie wat mal was oor die popplaat "In the Navy". Deesdae gee sy egter voorkeur aan "I will survive!" Diepseuns met 'n grondige kennis van wiskunde-onderrigmetodes sal voorrang geniet by die beantwoordung van briewe.*



*Dramatiese sopraan is 'n lewendige swartkop met groen oë. Haar stokperdjies is sing en resiteer. Sy soek na manlike korrespondente met die oog op 'n jongman vir die matriekafskeid. Soveel as moontlik inligting moet met die eerste brief verskaf word (broers, neefs, ens.) Voorraad is glo beperk en sy stel voor dat vroeg aansoek gedoen word om teleurstelling te voorkom.*

**MATRIEK-HAMLET-REVUE**

Susan: "Aboard, aboard for shame!"
Cecile: "You speak like a green girl unsifted in such perilous circumstance."
Jennie: "I will watch tonight, perchance 'twill walk again"
Corinne: "There is nothing that is either good or bad, but thinking makes it so"
Alta: "Mark me"
Liesbeth B: "It likes us well"
Liesbeth M: "More matter with less art".




**Statussimbole!**

**Wat "in" is**

'n Duret
Om te vertel hoe TV jou verveel.
'n Volkswagen Golf
Koffiebekers
Radio 5
Kort kousies onder jou swart meraaias
'n Vakansie op Stilbaai.
Met 'n bakkie in die stad rondry. (want jy het mos dié Bosveldplaas . . .)

**Wat "uit" is**

Om 'n TV te koop.
Koppies en pierings.
'n Sweetpakbroek onder jou skoolrok.
Springbok Radio
'n Jaguar
Om "Mâghyt" toe te gaan
Alsations

JUFFROU . . .

eksaminator, ekspert
eksklusiewe eksellensie,
weet jy hoe dit voel
om dikoog, laataand
biologiefeite
in jou lop te
prop?

juffrou,
weet jy hoe jy
die kleinkindjie kindwees
in my breek?
al die sommer-net-glo
word weggevee
met boek-wysheid en wit kryt
hoe weet jy
dat engele nie vlerke het nie
en dat die aarde oorhel
met 'n hoek van –
mis jy dan nie
die blinkoog weet van
die-maan-is-van-kaas nie?
of het jy al vergeet?

**Sigaretto-story**

One day Paul Revere and Peter Stuyvesant decided to visit Idlewild country, especially the city of St Moritz where their old friend, Rembrandt v. Rijn was living.

They began their journey on their Camels. While passing some green Chesterfields, another guy, Santos Dumont, joined them. He was a man-Hunter.

As they arrived in the city Dunhill, they heard a Gunston-shot. Then they saw a tall walking Texan, robbing the Embassy-bank of its Gold Dollars. He spotted them and fled, "Come here, robber" shouted Paul Revere. Texan didn't, so the Hunter pulled out his John Player Special. "Bang-a-bang!" He shot Texan in his Lexington. What a Lucky Strike! Life is great in prison! Benson and Hedges, the two managers of the Embassy Bank, gave them each a big reward and a Senior Service medal.

**Nuwe lewe**

'n Nuwe dag
toe skaam oor die
donkerpers van berge
en sprei sy rooi
kombers oor die koudheid
van die lewe.

## Hamlet aanhalings vir elke geleentheid

1) Mnr Roesch na die Menlopark affêre
That we do we should do when we would"
2) Mnr Van Staden nadat hy 'n matriek-opstel gelees het
"Is not this something more than fantasy."
3) Menloparker as hy die "beroemde" geel meubel wa sien aankom
"It harrows me with fear and wonder"
4) Mnr Roesch aan die skoliere in die saal
"Let your discretion be your tutor, suit the action to the word, the word to the action"
5) Mnr. Grobbelaar oor die posseël-insameling.
"For the demand of our neglected tribute"
6) Mnr. Schoeman na hy iemand getugtig het.
"stand and unfold yourself"

**AFFIE-GRAPPE**


1) **Motoris:** Jammer ek het jou kat doodgery, ek sal dit vervang.
**Eienaar:** "Gaaf,! Kan jy muise vang?"

2) Die praatsieke matroos praat van sy oorlogsondervindings "Hulle torpedeer toe die skip en ek moes 12 dae op 'n blikkie sardiens lewe" Intelligente dame: Haai! "Het jy nie afgeval nie?"
3) Klein Issy Goldberg was in 'n geveg betrokke met 'n jong van Helsdingetjie, maar hy verdedig homself glad nie en staan net die houe en vat. Goldberg gil "slaan hom terug" Issy antwoord: "Ek kan nie pappa, ek staan op 'n vyfsent"

1) "What is black and blue and floats in the Irish sea?" An Englishman who told Irish Jokes.
2) She: "If I were a man you wouldn't dare do this"
He: "If you were a man I wouldn't want to."

3) Onthou: As jy 'n storie gaps pleeg jy plagiaat: as jy 'n duisend steel doen jy navorsing.
5) 'n Psigiater is 'n man wat na 'n ontkleedansvertoning gaan en vir die gehoor kyk.
6) 'n Sensor is iemand wat die mooi dinge kan waardeer as hy dit raaksien.
7) Ambisie is die enigste infeksie wat deur luiheid beveg kan word.
8) In 'n besige supermark staan 'n man by 'n karretjie met 'n skreeuende, huilende, bulderende baba. Kort - kort sê hy saggies: "moenie opgewonde raak nie Faan". Faan bly kalm. 'n Bewonderende vrou wat sy pogings hoor sê: "U moet geprys word vir u kalm pogings om u baba Faan te kalmeer' Hy kyk haar nors aan en sê: 'Dame, ek is Faan'.

9) "Kelner, roep die bestuurder, ek kan hierdie patetiese kos nie eet nie.
'Dit sal nie help nie, meneer, hy sal dit ook nie eet nie.'
11) How did the terrorist hurt himself blowing up a bus?
He burnt his lips on the exhaust pipe.
12) "Waiter, do you serve chickens".
Sit down sir, we serve everybody.
13) "Skuldig of onskuldig"
'Ek weet nie, Luitenant, ek het nog nie die getuienis gehoor nie.'





**AANDAG:**

**ALLE HONDE:**

Welkom by Affies!

GRATIS: Saalperiodes, klasse, biblioteekperiodes, pouse kosen, Republiekfeesvierings ens.

WAARBORG:
Geen hondevangers of katte



**MOET NOOIT OP LETTERLIKE VERTALINGS STAATMAAK NIE**

Toe ek die verkyker voor my oë sit
When I put the farlooker before my eyes

sien ek 'n muishond in my Hanepoot
I saw a mousedog in my cocklegs

Ek gaan haal my dubbelloophaelgeweer
I go fetch my doublewalkhailgun

vat goed korrel en trek los
take good grain, pulled loose

en daar lê die muishond bene in die lug
and there lies the mousedog bones in the light.

DIT KAN OOK WEDEROM WEES
Then I went home and slept safe and sound
Toe gaan ek huis toe en slaap brandkluis en klank.

# AFFIES GEVREESDE!... EN FOTOGRAFIEKLUB PRESTEER

**Dit was 'n koel wintersagtermiddag, dog effens warm vir die maand Junie en die boekjaar '79, oom Herklaas van Tonder sit en wieg in sy motdeurvrete, onoorgetrekte en lendelam stoel. Dié een wat hy vier en twintig jaar gelede by Casim se kontantwinkel gekoop het teen 'n spesiale afslagprys (belasting „uitgesluit"). Na 'n harde dag se werk op die plaas, "Zeekoeigat", sit oom Herklaas en suig-suig aan sy olifanttandpyp, terwyl hy 'n liter koffie weg slurp.**

**Na die harde dag se werk gaan oom Herklaas met Stefienaossewalina in die bed spring (dit is sy vrou). Min het die twee geweet dat daar 'n aantal Affiemanne is wat naelskou. Nie omdat oom Herklaas met sy vrou in die bed klim nie, maar omdat die Affies die aand van die 14e Junie 'n FOTOGRAFIEKOMPETISIE het. As oom Herklaas dit geweet het sou hy beslis nie gaan slaap het nie, maar wel by die kompetisie gewees het.**

**Voorbereidings**

Aan die begin van die jaar het die Fotografieklub se bestuur besluit om 'n kompetisie uit te skryf vir alle Affies, sodat die manne reeds van vroeg af aktief en gewoond moet raak aan die maak van foto's. Hierdeur is nie net alleen gewys wat die manne kan doen nie, maar dat die gehalte van die werk van hoogstaande en prysenswaardige gehalte is.

Na 'n laat uitnodiging van die organiseerders moes die klub binne 3 weke gereed wees om deel te neem aan die kompetisie van die jáár!

Aan die begin van Junie het die inskrywings begin inkom. Die foto's is toe onder 'n streng keuring geplaas, sodat net die beste in aanmerking gekom het vir die kompetisie. Skyfies van hoogstaande gehalte is ook in ontvangs geneem.

**Afdelings**

Die NTvl kompetisie bestaan uit twee afdelings, nl. swart en wit afdrukke, wat self deur die outeur ontwikkel en afdgedruk moet word, en 'n kleurskyfie afdeling – die skyfie moet self deur die outeur geneem word, maar mag kommersieel ontwikkel word.

**Beoordeling**

Die kompetisie is gehou op die 14de Junie by die Hoërskool Menlopark. Die skyfies en foto's is deur 'n paneel van drie beoordelaars beoordeel, d.m.v. 'n puntetoekenning aan elke foto of skyfie.

**Skoonskip**

Nadat elke foto en skyfie gesien en beoordeel is het die punte optellery begin. Die beoordelaars het intussen terwyl daar vir die amptelike uitslae gewag is, van die foto's bespreek. Hulle sê dat die inskrywings van uitstaande gehalte is, en spreek hul blydskap uit oor die groot belangstelling wat die afgelope jaar of wat begin posvat het onder die skole.

Die spanning het breekpunt bereik en die elektriese gevoel van opgewondenheid het in die lug gehang toe die beoordelaar met die uitslae die verhoog opstap. Daar was 'n doodse stilte (selfs oom Herklaas sou dit daar ver op sy plaas kon aanval – as hy wakker was). Sy eerste woord was soos 'n donderslag ... na die lang stilte. Hy kondig aan dat die Affiespan die wenners is van die Noord-Transvaal Fotografiekompetisie vir 1979 en dat E. Schilz 'n derde plek in die swart en wit afdeling behaal het.


Laurie Botha, die Voorsitter, neem die wisseltrofee in ontvangs onder 'n groot toejuiging van die Affies. Dit was so hard dat oom Herklaas daar ver op sy plaas omgedraai het in sy slaap.

Dit is voorwaar 'n prestasie, want Affies het die beker laas in 1973 verower. En veral as 'n mens in ag neem dat 10 skole deelgeneem het, kan 'n mens nie anders as om te sê nie: "Mooi so Affies"!!

Baie geluk aan die Fotografieklub van AHS! 'n Besondere woord van gelukwense aan E. Schilz met sy derde plek! En dan wil die klub hulle dank uitspreek teenoor mnr. Deichmann. Baie dankie vir die ure wat u vir AHS insit. Dankie vir u harde werk en goeie voorbeeld. Sonder u sou ons nié die beker kon terugbring na Affies nie!

Dankie vir die klub se harde werk en onthou ... Hou die beker waar hy is, want hy hoort by AFFIES!!

NS. Oom Herklaas sê geluk met die beker en hy beloof om volgende keer teenwoordig te wees.



Afrikaanse Debat met

# RYBEWYSE EN BRANDSTOF

**Is dit sinvol om rybewyse op 17 jaar in te stel in die lig van die huidige brandstofkrises? Dit is 'n saak wat jy reeds vir jouself moes uitgemaak het. Want bg. was die onderwerp van die tweede Afrikaanse debat van 1979. Hierdie debat was gehou op Vrydag 1 Junie in die ??? J. Potgietersaal.**

Uit die onderwerp is dit duidelik sigbaar dat daar heelwat gesê kan word. Of dit nou 'n teenargument of nie is, maak nie saak nie. Wat wel saak maak én van belang is, is dat hierdie onderwerp redeneerbaar is. Dit is dan ook bewys toe die twee spanne mekaar gepak het en meer nog toe die vloer die sprekers aangedurf het.

Die spanne het uit st. neges en agts bestaan omdat die debatsbestuur gevoel het dat die jonger manne ook geleentheid moet kry om hul stemme dik te maak. Die spanne het bestaan uit (a) W. van Niekerk, R. Horne, J. Malan en C. Hemmingway; (b) C. Delport, A. Schilz, D. Marais en M. Velleman. Hierdie sprekers het opgetree onder die voorsitterskap van Laurie Botha.

Die sprekers se toesprake het gewys op 'n deeglike studie van die onderwerp. Hulle het hulle goed van hulle taak gekwyt en het met goeie en oorspronklike idees na vore kom. Daar sal wel graag gesien wil word dat die sprekers moet besef dat hulle die gehoor moet oortuig sodat hulle daardeur vir hulle kan stemme werf.

Wat die opkoms betref was dit redelik goed gewees. Alhoewel die koshuis weer eens kan spog dat hulle die erestoel van meerderheid kan volsit, was daar tog 'n bemoedigende klomp senior stads leerlinge wat hulle gesigte kom wys het. (Dankie aan hulle)

Die uitslag van die debat is natuurlik voor die hand liggend as 'n mens in aanmerking neem dat meeste skool-ouens so gou as moontlik 'n rybewys wil bekom. Die uitslag was dus: gee rybewyse vir 17-jariges! (Ons hoop die hoë amptenare sien ons versoek raak en bespoedig so 'n wet.)

Graag wil ons net baie dankie sê aan Ronelle Meyer wat gesorg het vir vermaak met haar oulike monoloog. Die stuk was baie paslik met inagneming van die onderwerp oor lisensies. Die naam van die monoloog was "Ma raak Mobiel".

Baie dankie aan die sprekers vir julle bydra tot die sukses van die aand. Dankie aan mnr. Le Roux vir sy goeie organisasie van die hele debat. Die sukses van die aand is dan ook 'n duidelike bewys van goeie samewerking tussen leerling en leermeester. Baie dankie aan almal wat gehelp het om van die saak 'n sukses te maak.

Die aand is afgesluit met 'n Mini-Sing Song. Dit was 'n baie groot sukses en dit wys vir ons die manne kán sing!

# Skoolverlaterskamp 1979 — 'n Kamp vol verrassings

**Verrassings. Is dit nie wat die lewe interessant maak nie? Probeer jouself voorstel hoe dit sou wees as almal weet wat in die toekoms gaan gebeur. Die blote feit dat ons nie weet wat volgende gaan gebeur nie, is al genoeg aansporing om die lewe voluit te geniet. Terloops, dis hoekom skool partymaal so oninteressant is en altyd voorspelbaar.**

In elk geval, voor ek party van ons opvoeders te na kom, dit is die hoofrede vir die sukses van skoolverlaterskampe. Toe ons die eerste dag by die kamp aanland, het niemand geweet wat om te verwag nie. Elke minuut van daardie kamp was 'n verrassing en daarom het ons elke minuut daarvan geniet. As ons geweet het wat om te verwag sou ons dit nie die helfte so geniet het nie.

Almal op die kamp was op dieselfde vlak ingestel. Oor die basiese dinge het almal saamgestem en selfs die dominee het nes ons gedink. Almal was ook so openhartig. Mens kon jou eie mening lug sonder om bang te wees dat ander hulle wenkbroue daarvoor sal optrek. Nog 'n kenmerk van die kamp was dat almal aan alles deelgeneem het. Nie omdat ons gedwing was nie, maar omdat dit lekker was en omdat ons wou.

Die feit dat niemand weet wat om van 'n skoolverlaterskamp te verwag nie het egter ook 'n negatiewe uitwerking. Ek was baie huiwerig om my vir iets in te laat waarvan ek niks weet nie. Om die waarheid te sê was ek glad nie lus vir die hele storie nie. Daar is met ander woorde niks wat 'n mens na die kamp kan trek nie. Mens moet maar self gaan kyk wat aangaan. Jy sal weldra uitvind wat om te doen om dit vir jouself en jou maats aangenaam te maak. Moenie wegbly omdat jou maats nie wil saamgaan nie – mens maak daar baie maklik maats en leer mense ken.

Om die kroon op alles te plaas, kleef daar nog 'n stigma ook aan die kamp: "Dis net 'n sekere tipe wat na skoolverlaterskampe gaan", "Skoolverlaterskampe is goor". (Daar is 'n meer effektiewe woord, maar ek moes dit uitlaat weens onaanvaarbaarheid – Kyk wat het met "Magersfontein" gebeur). "Jy loop die hele dag met die Bybel onder jou arm rond", ensovoorts. Daar was egter mense wat ek nie sommer op so 'n kamp sou verwag nie en daar word wel aan die geestelike ook aandag gegee en daar is dus 'n goeie balans tussen alles.

Dit is dan die twee kante van 'n skoolverlaterskamp. Ek gaan nie vertel wat op die kamp gebeur nie, want vir die wat hierna 'n skoolverlaterskamp wil bywoon, sal dit dan net 'n anti-klimaks wees. Dit gaan nie van jou 'n armer mens maak as jy wegbly nie, maar as jy gaan, sal jy beslis as 'n ryper mens terug kom.

Daar is nog baie dinge wat ek van die kamp kan sê, maar een ding staan soos 'n paal bo water. Dis 'n lekker, week vol verrassings!

## AFFIES VAAR PUIK IN KANOVAART

Die Affies is vinnig besig om in Kanovaart ook 'n naam vir homself te maak. Die Affies het gedurende die afgelope snelroeiseisoen op verskeie geleenthede 'n derde plek behaal waar al die Transvaalse skole met 'n span deelgeneem het. In ag geneem dat ons klub nog nie 'n jaar oud is nie is dit voorwaar 'n puik prestasie. Die skool wat oor die algemeen die beste gevaar het is Transvalia van Van der Bijlpark.

Daar is ook 3 van die Affies gekies om die Noord-Transvaalse span op die S.A. Kampioenskappe te verteenwoordig. Hier het dit besonder goed gevaar: Cor Louw het in die onder 14 afdeling 'n 4de en 5de plek behaal. Quintus Germishuys 'n 2e en 3e plek in die onder 8 afdeling en Johan Kruger het 2 puik eerste plekke behaal.

Quintus Germishuys en Johan Kruger is ook gekies om die Noord-Transvaalse span te verteenwoordig wat tydens die Julie-vakansie aan die Bergrivier Marathon sal deelneem.

## GESKIEDENISKLUB

Aan die begin van 1979 het die begeerte ontstaan om 'n geskiedenisklub in die lewe te roep. Die leerlinge wou nie net die akademiese kant van geskiedenis leer nie, maar ook die aangename deel geniet!

Die st. 9 klas het al 'n uitstappie na Johannesburg geniet om 'n lesing oor die Krygshistoriesevereniging by te woon. Die st. 9 klas het nog baie ondernemingsgees en wil graag die prent "Nicolas and Alexandra" vertoon, en selfs kampe op slagvelde hou!

St 9 en 10 klas gaan gesamentlik van die 2e-6e April 'n uitstalling hou oor die 1e en 2e Wêreldoorlog. Ons hoop op baie belangstelling en ondersteuning.

St 10-klas het groot planne vir die jaar bv. die besoek aan die effektebeurs en 'n braaivleis by die opelug museum. Die st.10-klas het altyd tyd vir 'n bietjie plesier! Die st. 8-klas gee ook hulle volle ondersteuning en gaan in die verloop van die jaar die Boomstraat museum besoek. Ons is baie gretig om nuwighede te leer en hoop op 'n baie suksesvolle jaar.


# AHM-SEGREGASIEWET


**Daar is die afgelope tyd baie gepraat oor die nuwe reël wat deur die Meisieskool ingestel is nl. die "segregasiewet" of te wel die reël wat bepaal dat seuns en dogters nie voor skool met mekaar mag staan en gesels nie.**


'n Paar weke gelede het 'n 'vriend' voor skool met 'n meisie van AHM gestaan en gesels, let wel gestaan en gesels. Na sowat drie minute daag 'n prefek van die Meisieskool op en vra hulle om mekaar asseblief te los want hulle het al lank genoeg gesels. As antwoord op die seun se vraag waarom hulle nie mag gesels nie, het sy geantwoord dat sy opdrag het dat geen meisie voor skool met 'n seun mag staan en gesels nie.

Ek het navraag gedoen oor hierdie saak en verskeie senior dogters het bevestig dat dogters voor skool nie met seuns mag staan en gesels nie, want, het hulle gesê, dit lyk slordig. Indien 'n meisie nie gehoor wil gee aan waarskuwings nie, sal sy voor die prefekteraad gedaag word vir dissiplinêre optrede.

Ek vra myself nou die vraag af wat so slordig is en wat eintlik daarmee verkeerd is as 'n hoërskoolseun met 'n dogter voor skool by die skoolhekke staan en gesels. Hoekom 'n seun en dogter gevra moet word om "op te breek" wanneer hulle twee meter van mekaar af staan.







# AFFIE-TENNIS BO!

**Soos in die verlede is Affies se tennis weer heel bo in Noord-Transvaal. Na die seuns-liga het ons weer besef dat Affies nie net die beste eerste span het nie, maar ook baie diepte.**

Affies het drie spanne in die A-liga ingeskryf en elkeen van die drie spanne het sy been gewen. Die tweede en derde spanne moes toe uitspeel om te bepaal wie in die finaal teen die eerste span te staan sou kom. Na 'n baie goeie wedstryd het die tweede span die derde span met 58-22 gewen. Phillip Daniëls was die enigste derdespanspeler wat 'n wedstryd kon wen toe hy in 'n spannende wedstryd vir Danie Pienaar 6-4 verslaan het.

Op Vrydag 15 Junie het die tweede span vol moed opgedaag om teen die eerste span mee te ding. Na die enkelspelwedstryde was die eerste span reeds 28-8 voor nadat net Tian Viljoen sy wedstryd verloor het. In die dubbelspel het die tweede span egter baie beter gevaar en met net 12-24 verloor. Die eerste span het dus die wedstryd as 'n geheel met 52-20 gewen om sodoende die wenners van die Administrateursbeker in die Noord-Transvaal area te word.

In die o/15 afdeling het Affies net so goed gevaar. Die 1A span het hulle been gewen en speel nou teen Boys High uit om die wenners van die A-afdeling te bepaal. Die C-span speel die C.R. Swart om die wenners van die C-area te bepaal.

Op Saterdag 16 Junie het die jaarlikse inter-hoërskole kampioenskappe op Loftus Versfeld plaasgevind. Affies het twee senior spanne en een o/15-span, wat ook in die senior afdeling meegeding het, ingeskryf. Die eerste en tweede spanne was na die oggend se spel nog in, terwyl die o/15-span na 'n puik oorwinning van 4-0 oor Menlopark se eerste span, teen C.R. Swart verloor het. Die eerste span het in al sy wedstryde net 2 spelle afgegee terwyl die tweede span 11 spelle moes afgee. In die semi-finaal het ons tweede span teen C.R. Swart se eerste span te staan gekom. Hulle het die wedstryd 21-15 gewen en sodoende deurgedring na die finaal. In die finaal het hulle hulle egter weer teen ons sterk eerste span vasgeloop en die wedstryd met 10-78 verloor. Affies het dus weer bewys dat sy eerste twee spanne die beste in Pretoria is met die o/15 span kort op hulle hakke.

Op individuele gebied het die Affies ook weer baie goed gevaar. In die afgelope vakansie het die Affies aan 'n hele paar verskillende kampioenskappe deelgeneem.

Ons S.A. kampioene in die dubbelspel, Tian Viljoen en Danie Visser het hulle weereens goed van hulle taak gekwyt deur sowel die Wes-Transvaal junior titel as die ope-titel te verower. Jean van Rensburg het die enkelspel gewen op die Wes-Transvaal junior kampioenskap. André de Beer het in Oos-Transvaal gaan speel en daar het hy die o/14 enkelspeltitel gewen.

In die S.A. geslote kampioenskappe het Danie Visser en Tian Viljoen weer baie goed gevaar. Hulle het in die semi-finaal teen Paul Avis en Rory Chappel, die S.A. senior kampioene verloor. Danie Visser het ook in die enkelspel baie goed gevaar. Hy het, nadat hy vir F. Sauer en F. Briscoe gewen het, teen Tony Fawcett verloor in die kwart finaal. As in aanmerking geneem word dat dit seniors is, is dit baie goeie prestasies.

**Die uitslae in die seunsligas was as volg:**

**Bo 15**
**Eerste span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 60 | Menlopark I | 12 |
| AHS | 62 | Boys High II | 10 |
| AHS | 65 | St. Albans | 17 |

**Tweede span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 58 | Overkruin II | 14 |
| AHS | 38 | CR Swart I | 34 |
| AHS | 50 | Pretoria Noord I | 22 |

**Derde Span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 52 | Glen High I | 20 |
| AHS | 42 | Boys High II | 30 |
| AHS | 46 | Lyttleton Manor II | 26 |
| AHS | 40 | Silverton II | 32 |

**Onder 15**
**Eerste Span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 45 | Boys High | 27 |
| AHS | 58 | Menlopark | 14 |
| AHS | 65 | CBC | 7 |

**Tweede span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 61 | Tuine | 11 |
| AHS | 43 | Lyttleton | 29 |
| AHS | 69 | John Vorster | 3 |
| AHS | 35 | Boys High | 37 |

**Derde span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AHS | 48 | Silverton | 24 |
| AHS | 40 | CBC | 32 |
| AHS | 43 | Boys High | 29 |
| AHS | 35 | Menlopark | 37 |


# *Kadetorkes "79"*

Al sê, dink of doen wie ookal wat, vanjaar is en gaan vir ons, die kadetorkes van die Afrikaanse Hoër Seunskool, 'n groot en uiters suksesvolle jaar wees. Ons oefen reeds van die begin van die jaar af hard en daar is absoluut geen rede waarom Affies nie trots kan wees op sy kadetorkes nie. Ons sal Affies se naam hoog hou, want met soveel toewyding en sulke lede is dit onmoontlik om nie die hoogste plek te behaal nie.


Ons dink bv. net aan die onlangse trompoppie-kompetisie waar ons die trompoppies van AHM begelei het. Daar het ons die tweede prys losgeslaan in die afdeling "Beste begeleidende orkes". Dit is voorwaar 'n prestasie as ons in ag neem dat die orkes slegs 'n week vir die betrokke kompetisie geoefen het. Daar was altesaam nege-en-twintig skole by die kompetisie teenwoordig.


Aan die ouens in die orkes: Danie vir julle samewerking so ver. Hou vol daarmee en niks sal in ons pad staan teen die einde van die jaar nie. Aan ons afrigters, korp. Du Toit, sers. Welsch en in besonder, mnr. Booysen: Al lyk dit soms of al u moeite en harde werk ongesiens verbygaan, kan ek u verseker dat ons u en al u opofferende werk waardeer en dat ons dit nie sommer sal vergeet nie.


Ek weet die pad vorentoe lyk soms onseker, maar as ons net op Hom vertrou wat aan ons die wonderlike talente en gawes gegee het wat ons besit, dan kan ons nie anders as om vol moed vorentoe te kyk nie. As ons dié talente ten volle benut, sal ons die jaar 1979 in twee woorde kan opsom: "Algehele sukses".











# BOERESPORT

Woensdagmiddag 30 Mei 1979 was Boeresportdag! Die Seuns- en Meisieskool sluit om 13h00 en al die leerlinge vergader op die A-veld om een van die grootste slagtings in Affies se geskiedenis te aanskou.

Affies se nederige eerste "touchrugby"-span draf op die veld teen die leerkragte wat as die oorweldigende gunstelinge beskou word.

Die onderwysers word binne die eerste minute wreed ontnugter toe die seuns kringe om hulle hardloop. Die onderwysers sal beslis baat by 'n kursus in algemene balhantering en grondbeginsels van die spel. Die beste "raath" wat ons die onderwysers kan gee is om maar weer volgende jaar te probeer. Die Affies se prestasie is soveel groter, gesien in die lig van die feit dat die skeidsregter soveel omstrede beslissings gemaak het.

Na die wedstryd is middagete deur ons Ouer-Onderwysersvereniging verskaf.

Om 14h15 het die hoofprogram in aanvang geneem. Merkwaardige vertonings is gelewer in die hindernisitem en sommige klasse het hierdie item baie ernstig opgeneem. Al die kompetisie het egter in aangename gees verloop. In die eiergooi het ons gesien dat dit soms nie help om 'n eier hard te kook nie.

In die haanskap het al Affies se kragmanne hulle vere reggeskud en alles ingesit om mekaar om te ruk.

Baie geluk aan st.9D wat die klaskompetisie gewen het.

Die hoogtepunt van die middag is met die hokkiewedstryd tussen die seuns en meisies bereik. Die seuns het na 'n harde stryd getriomfeer nadat "Konyn" 'n paar briljante stukkies keerwerk gedoen het.

Die sokkerwedstryd tussen die matrieks en die st.9's is gewen deur die matrieks met slegs een doel. Die st.9's was waardige opponente, maar definitief nie opgewasse teen die krag en spoed van die matrieks nie.

Met die filmvertoning Woensdagaand by die Meisieskool is daar geskiedenis gemaak toe die saal stampvol was. Aan die personeel en leerlinge van die twee skole sê ons baie dankie vir 'n baie aangename dag.

# STAPTOERE

In die vroeg 1970's het die Departement Bosbou besluit om 'n nasionale voetslaanpadstelsel dwarsdeur Suid-Afrika te ontwikkel. Tot op hede is daar nege roetes ontwikkel wat wissel van drie-dae staptoere soos die Hottentotshollandroete, na 'n agt-dae roete in die Outenikwa-berge. Ander meer bekende roetes is die Fanie Botha, die Soutpansberg-roete en die Otterspoor langs die Kaapse Ooskus.

Maar wat behels 'n staptoer eintlik? Is dit die opstaan vroeg-oggend en dan 'n gejaag om so vinnig as moontlik te stap om die aand betyds by die volgende hut te wees? Nee, definitief nie. Al hierdie uitgewerkte roetes is so ontwerp dat dit vir 'n normale persoon (en nie noodwendig superfiks dus) moontlik is om hierdie roete met redelike gemak te voltooi. En langs die pad is daar asemrowende natuurtonele, die genot om water uit 'n bergstroompie te drink, die berge en miskien 'n klipspringertjie wat voor jou wegspring.

Behalwe vir hierdie uitgewerkte roetes met hutte en kookgeriewe, kan mens 'n tentjie leen en die Drakensberge, Sederberge of Wolkberge invaar. Dit is uiteraard 'n meer veeleisende tipe van staptoer, want jy moet absoluut alles wat nodig is soos 'n kastrol, billiekan en gasstofie saamdra. Dit word egter die moeite werd as mens so skuins voor vyf iewers teen 'n berghang staan en die sonsopkoms bewonder.

Behalwe vir die genot van stap saam met 'n paar goeie vriende en die laat-aand wysheid langs die vuur, is dit ook 'n baie gesonde ont(in)spanning.

Belangstellendes wat graag meer te wete wil kom, kan skryf aan:
Die Departement Bosbou
Privaatsak X93
PRETORIA

# AFFIES SE KARATEKA

**Dit is 'n wonderlike gevoel om te kan terug kyk na die Affies se Karateka se prestasies vanaf die einde van 1978 tot op hede.**

As ons nou terugkyk na 31 Maart '79 te Potgietersrus waar die Junior Ope Karate Kampioenskap gehou is, kan ons nie anders as om trots te wees op Affies se Karateka nie. Uit die volgende Affies wat deelgeneem het nl. Johan Coetzee, Jannie Deetlifs en Martin van Rensburg, was die swakste plek, 'n tweede plek.

Jannie Deetlifs het 'n eerste plek in sy afdeling behaal.

Johan Coetzee het 'n tweede plek, en Martin van Rensburg 'n eerste in hulle gewig-afdeling behaal.

Daar kan dus afgelei word dat die manne hulle bes doen om Affies se naam hoog te hou en almal wat belang stel om onderrig in hierdie interessante sportsoort te ontvang, is baie welkom om by ons klub aan te sluit.

Ons wil graag vir Riaan Meyer gelukwens met die verwerwing van sy 1ste Dan. Hy is nou die hoogs gegradeerde Karateka in Affies. Hy het ook sy skeidsregterskursus met lof geslaag. Ons wens hom alle voorspoed toe vir die toekoms.

# Rugbystatistieke '79

**Eerste span**

**Hierdie jaar het die eerstespan onder leiding van Mnre. Van Rensburg en Raath miskien nie aan al die hoë verwagtinge voldoen nie, maar tog hul bes gelewer en goeie rugby gespeel. Toe dit begin blyk het dat die span vanjaar nie veel welslae sou behaal nie, het die afrigters besluit om meer juniors in te span ter voorbereiding van 'n reuse-aanslag op die Administrateursbeker volgende jaar. Die jonger-geslag het die mas skitterend opgekom en Affies kan met hoë verwagtinge uitsien na volgende jaar . . .**

Danksy verskeie "proefnemings" het 'n totaal van 27 spelers in 1979 in die gesogte wit trui uitgedraf. Die eerste span het 15 wedstryde gespeel, waarvan hulle slegs 4 kon wen en in 2 gelykop gespeel het. Affies het altesaam 166 punte aangeteken en op "een of ander manier" is 206 punte teen ons aangeteken. Ons het dus in die 15 wedstryde met 'n gemiddeld van 11,1 - 13,8 verloor. Louis Hattingh het op skitterende wyse bewys dat hy sy kapteinskap en plek in die N.Tvl.-span terdeë verdien deur met 9 drieë te sorg dat hy die voorste driedrukker is. Willem Erasmus was egter danksy sy geleerde skopvoet die voorste puntemaker met 61 punte ('n gemiddeld van 4,1 punte per wedstryd).

Na 'n suksesvolle 1978 (wenners van die Administrateursbeker) lyk die statistieke van 1979 miskien minder goed, maar ons moet aanvaar dat die wiel van sukses draai: 1979 was wel 'n "boujaar", maar hou Affies dop in 1980!

**Tweede span**

Affies het weer eens geskiedenis gemaak deur ook 'n tweede span in die strawwe Administrateursbekerkompetisie in te skryf. Die span het dan ook skitter-rugby opgedis en 'n hele paar groot skole skrikgemaak! Mnr. Geldenhuys verdien beslis 'n pluimpie vir die manier waarop hy dié span tot 'n besondere eenheid saamgesnoer het. Die nuwe "Affie-Springboktrui" het sekerlik ook stukke bygedra tot hierdie spangees!

Van die 10 wedstryde wat hulle gespeel het, het hulle 6 gewen en 4 verloor. In die proses het hulle 176 aangeteken teenoor die 151 teen hulle ('n gemiddelde oorwinning van 17,6 - 15,1 per wedstryd). Voorwaar 'n skitterprestasie! Dit lyk beslis nie onmoontlik dat ons binne 'n paar jaar twee verwoede Affie-spanne in die finaal van die N.Tvl.-liga in die Administrateursbekerkompetisie sal sien nie!

**Derde span**

Hierdie span het ook sy volle deel bygedra en onder bekwame leiding en afrigting van Mnr. Roesch is hulle ook die span wat die beste in die senior liga gevaar het. Hulle het 11 wedstryde gespeel, waarvan hulle 9 gewen en 2 verloor het. Hulle het altesaam 123 punte aangeteken en 110 afgestaan, 'n gemiddelde telling van 11,2 - 10 per wedstryd in hulle guns.

**Matriekspan (Vyfde span)!**

Trou aan die tradisie het hierdie "swartbroekbrigade" weer eens onder die begeesterde leiding van Mnr. Pretorius skitterend gevaar en vir die res van die skool gewys hoe dinge gedoen moet word! Die "ou manne" dra steeds hul deel by en is dan ook stewig op pad na die gesogde beker. 'n Besondere prestasie wat gemeld moet word is dat dié span na die eerste 7 wedstryde 132 punte aangeteken het en **geen** punte afgestaan het nie! Voorwaar iets wat in Affie-rugbykanale verewig moet word.

Teen Menlopark se derde span het hulle ongelukkig liggies gegly (a.g.v. "onvermydelike omstandighede"), maar hulle wag op die herontmoeting. Na 11 wedstryde tot dusver het hulle 170 punte teenoor 'n skamele 35 teen hulle aangeteken, 'n wedstrydgemiddeld van 15,5 - 3,2!

Alle voorspoed aan Mnr. Laubser en sy negende en tiende (die tweede Matriekspan – die eerste keer in Affies se geskiedenis!) spanne wat meedoënloos op pad is na bekers en roem!

Nog 'n stukke geskiedenis wat om erkenning roep het op Saterdag 23 Junie op die Affie-kampus afgespeel. Behalwe vir die 500 Affies op die pawiljoen het 420 seuns die beste skool in die land op die veld verteenwoordig. 'n Totaal van 28 spanne (16 seniors) het gespeel, waarvan 20 teen P.B.H. 'n Ongeëwenaarde prestasie!

**Junior spanne**

Die juniors kon ongelukkig nie vanjaar die goeie voorbeeld van die seniors navolg nie en het dus nie heeltemal aan die verwagtinge voldoen nie. Ruk reg! Een van die dae is die skool in julle hande . . .


Die o/15 A-span het ongelukkig swak begin deur teen Verwoerdburg te verlcor. Hulle het egter reggeruk en die res van hul ligawedstryde gewen (net 'n bietjie te laat . . .).

Die o/14-span het redelik gevaar deur 8 van hulle 11 wedstryde te wen, met 172 punte vir en 35 punte teen hulle. Dit besorg aan hulle 'n uitstaande gemiddeld van 15,6 teenoor 3,2 punte per wedstryd. Bou hierop en Affies kan uitsien na die toekoms!

Na verlede jaar se laagtepunt in o/13-rugby het dié spannetjie vanjaar hul deel bygedra, maar nog nie die trotse Affie-tradisie (die beker by Affies!) herstel nie . . . van die 11 wedstryde gespeel het hulle 7 gewen met 182 punte vir en 122 teen hulle ('n wedstrydgemiddeld van 16,5 - 11,0).

In die geheel gesien, het Affies tog 'n goeie seisoen agter die rug. Aan al die spanne wat deurgedring het – "Sterkte, Affies se oë is op julle gerig. Hou ons skool se naam hoog."

. Laastens, maar nie die minste nie, wil Stroom-op namens al die Affies die verskeie onderwysers wat met die afrigting gehelp het, hartlik bedank vir hul geduld, aanmoediging en deursettingsvermoë. Dit gaan beslis nie ongesiens verby nie. Sonder hulle sou Affies se rugby nie so 'n krag in N.Tvl.-skolerugby gewees het nie.




Die eerstespan en die afrigter, Mnre. J.J.J. van Rensburg en H. Raath beplan om vanjaar weer soos in die verlede, 'n toer na die Kaap te onderneem. Die manne gaan onder andere speel teen spanne van Rondebosch Boys High en Paarl Gimnasium.

Stroom-op wens die eerstespan baie sterkte toe en hoop dat hulle die Kapenaars sal wys hoe om ware Affies-rugby te speel.

In die geheel gesien, het Affies weer eens 'n besondere goeie seisoen agter die rug. Aan al die spanne wat deurgedring het – "Sterkte, Affies se oë is op julle gerig. Hou ons skool se naam hoog."

| A-area Span | Liga | C.R. Swart | Verwoerdburg | Overkruin | Menlopark | Brits | John Vorster | Boys High |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 9-12 | 6-4 | 6-20 | 3-23 | 19-15 | 3-24 | 9-13 |
| 3 | 2 | 14-6 | 16-3 | 8-6 | 3-10 | 184 | 16-0 | 7-13 |
| 5 | 3 | 14-0 | 14-0 | 15-0 | 4-10 | 4-9 | 12-9 | 19-3 |
| 7 | 4 | 12-0 | 14-0 | 0-9 | 11-0 | 32-0 | 42-0 | 18-0 |
| 9 | 5 | 42-0 | 18-7 | 18-0 | 21-0 | 32-0 | 0-9 | 32-3 |
| o/15A | A | 20-7 | 0-20 | 16-12 | 16-3 | 9-9 | 8-6 | 10-10 |
| o/15 B | B | 4-4 | 4-10 | 0-22 | 4-0 | 24-7 | 10-8 | 28-0 |
| o/14A | A | 14-0 | 28-0 | 9-10 | 4-6 | 0-3 | 4-3 | 32-0 |
| o/14C | B | 8-0 | 3-16 | 0-7 | 3-27 | 10-0 | 35-0 | 0-46 |
| o/13A | A | 18-0 | 16-0 | 14-18 | 34-0 | 30-6 | 10-6 | 34-0 |

| C-area Span | Liga | Silverton | F.H. Odendaal | Wonderboom | Tuine Tegnies | Wagpos | Pretoria-Noord | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 1 | 4-19 | 15-25 | 25-18 | 18-16 | 11-16 | 0-18 | |
| 4 | 2 | 0-6 | 0-4 | 16-8 | 24-4 | 18-28 | 16-4 | |
| 6 | 3 | 8-0 | 6-6 | 44-6 | 36-0 | 13-12 | 0-16 | |
| 8 | 4 | 0-8 | 24-18 | 16-0 | 20-0 | 0-16 | 28-0 | |
| 10 | 5 | 4-14 | 20-0 | / | 12-16 | 28-4 | | |
| o/15B | A | 10-8 | 6-13 | 0-32 | 8-12 | 4-20 | 24-6 | |
| o/15D | B | 4-24 | 0-12 | 8-16 | 0-64 | 0-54 | 0-26 | |
| o/14B | A | 0-16 | 4-26 | 0-24 | 4-54 | 4-10 | 0-28 | |
| o/14D | B | 0-28 | 0-12 | 012 | 0-36 | 0-48 | 0-12 | |
| o/13B | A | | | | | | | |



# Hokkie maak opgang

**Meisieshoër was nog altyd bekend vir hulle goeie tennis, maar raak nou ook bekend vir hulle puik hokkie.**

Die hokkie het die afgelope 4 jaar verbasend verbeter. In 1976 wen Affies op verrassende wyse die B-afdeling. In 1977 en 1978 kom hulle reeds naelskraap tweede in die A-afdeling. Alles dui daarop dat hulle vanjaar heel bo gaan eindig.


Affies se grootste teenstander is Girls' High, die afgelope paar jaar se wenners.

Affies het dié jaar nog nie verloor nie. Behalwe teen Clapham, het hulle nog altyd met meer as 4 doele gewen. 'n Mens kan nie nalaat om te noem dat Menlopark 7-0 geklop is nie!

Affies is vanjaar die sterkste van alle skole verteenwoordig in die N.Tvlse Skolespan. Lorette Duncker, Santie Vorster, Joh O'Reilly en Carol-Ann Enslin speel vir die A-span en Lizel Meyer vir die B-span. Lorette is ook kapteine van die A span.

Affies se afrigster, Mev. Aryna Edwards is self 'n puik hokkiespeelster. Sy het reeds gespeel vir O.V.S., W.P. en N.Tvl waarvan sy verlede jaar die kapteine was. Sy is ook reeds gekies vir die Springbokproewe.

Die hokkiespeelsters word alle sterkte vir die res van die seisoen toegewens. Hou Affies se naam hoog!



# Netbalverslag:

Die netbalseisoen het op 'n vrolike en geesdriftige noot begin en nog voor die seisoen behoorlik in aanvang was, het ons alreeds begin oefen en vroeg-vroeg al 'n vriendskaplike wedstryd teen Verwoerdburg gespeel. Saterdag, 7 April het die o/13 en o/14 spanne 'n toernooi by die Willie Snymanskool gespeel. Die o/14 span het as wenners van hul afdeling uit die stryd getree.

Na die vakansie het ons met 'n wedstryd teen Girls High weggespring. Affies se spanne het besonder goed gevaar en daar is goed wraak geneem op die neerlaag wat ons vroeër die jaar gely het. Saterdag 5 Mei vind die Senior Toernooi op Rustenburg plaas en die 2de span is die wenners van hul afdeling en die 1ste span staan 2de in hul afdeling.

Daar is ook wedstryde teen Erasmus, Iona en Handelskool gespeel en die 1ste, 2de, o/15A, o/14A spanne is tot dusver nog onoorwonne in hulle liga. Ter tye van skrywe lê die twee belangrikste wedstryde nog voor nl. die teen Menlopark en Langenhoven.

Daar was ook 'n netbalkursus op die bane van H.F. Verwoerd op die 25ste en 26ste Mei aangebied. Drie van ons speelsters het dit bygewoon en dit baie leersaam gevind.

Ek wil juf Hirschorn, mev Boonzaaier, mev Cronje en almal wat nog met die afrigting gehelp het, van harte bedank vir hul entoesiasme, aanmoediging en ondersteuning. Baie dankie vir al die opofferings en moeite. Ons waardeer dit baie!

Alle sterkte vir volgende seisoen en hou Affies se naam hoog!





SPORTMAN VAN DIE TERMYN

# CONROY DU PLESSIS

Onbekend, onbemind . . . Affies is landswyd bekend as 'n onoorwonne tennisskool en in N.Tvl as 'n gedugte rugbyreus!! Die Affies blink egter ook op vele ander, minder bekende, sportgebiede uit. Dit is 'n bewys dat Affies ook voorsiening maak vir individualiteit in sport en dat daar ook baie individualiste is. Skerm is een van hierdie "minder bekende" sportsoorte, maar Affies het ook hier 'n bekende (en berugte) sportman! Ja, hy is letterlik Springbokkwaliteit . . .

Joseph Albertus Conroy du Plessis is op 2 Februarie 1962 in Pretoria gebore. Hy is en sal dan ook beslis 'n Noord-Transvaler in murg en been bly! Hy het die eerste gedeelte van sy lang skoolloopbaan in Pretoria-Oos Laerskool deurgeworstel. Reeds in hierdie vroeë stadium het hy hom onderskei as 'n sportman met vele talente. Alhoewel hy deesdae glo aan spesialisering, het hy op laerskool aan 'n magdom aktiwiteite deelgeneem o.a. volkspele (geen kommentaar . . .), Judo ('n gevaarlike kalant met 'n bloubelt!), Tennis, Voortrekkers, swem en rugby!

Danksy sy ouers se breë visie kom Conroy in 1975 as 'n bang en nietige standerd sessie in die beste skool in die land aan! Na 'n rukkie was sy aanvanklike vrese vir die "magtige" ou skoolgebou ook vergete en kan hy sy deel begin bydrae . . .

Die fris, sterkgeboude stut help nog in dié jaar die o/13A-span om die liga in te palm, maar dit was die end van sy "roemryke" rugbyloopbaan. Hy het al sy belangstelling vir die spel verloor en ondanks vele smekinge en dreiginge sy stewels opgehang. Daar was 'n rede . . . skerm het oor sy lewe geloop en hy was net vuur en vlam daaroor.

Conroy het reeds in st. 4 die "voorreg" gehad om met skerm kennis te maak, maar was nog te skrikkerig. "The four Musketeers" wat hom aan die sportsoort bekendgestel het, was G. Wesmann, H. Joubert, W. Dreyer en S. van Schalkwyk (wat ook die Affieskermklub gestig het!) In st. 7 het hy onder die invloed van R. Baatsen by die skool kom skerm en hier het die gogga deeglik gebyt!

Die belangstelling in die Affieskermklub was groot en in 1977 was Affies die beste skerm-skool in die hele S.A.!! Die standaard van skerm op skoolvlak is nogal hoog, maar daar is ongelukkig nie veel vorderingsmoontlikhede in S.A. nie. Daar is maar slegs ongeveer 300 skermers in S.A.!!

Skerm is 'n goed ontwikkelde kuns en 'n hoë mate van natuurlike talent en koördinasie is aanvanklik nodig. Hierna is harde, gereëlde oefening nodig om die talent te ontwikkel. Conroy het verbasend vinnig geleer en gevorder sodat hy in 1977 reeds die eerste vrugte van sukses gepluk het. Na 'n reeks kompetisies en proewe verteenwoordig hy die Tvl.-junior span op die S.A.-kampioenskappe gedurende die paasnaweek. Skielik breek die onverwagte hoogtepunt van sy sportloopbaan aan. Hy voel die dag "tip-top", skerm vinnig en help sy span sodoende om die kampioenskappe te oorheers. Ondanks lastige senuwees breik hy die finaal en eindig uiteindelik derde.

Die grootste oomblik van sy lewe het aangebreek toe hy verneem hy is in die Junior-Springbokspan ingesluit en sal sy land in Israel teen die res van die wêreld gaan verteenwoordig! Hy was in die sewende hemel van geluk! Die veelrassige span, bestaande uit 4 blanke seuns en 4 meisies, 'n kleurlingseun en 3 kleurlingmeisies het op 22 Julie na Israel vertrek om daar aan die internasionale Andrei Spitzerkompetisie te gaan deelneem.


Die volgende 2 weke was 'n onvergeetlike ervaring. Hy het sy tyd ten volle benut en soveel as moontlik van Israel gesien. (Hy is nog steeds totaal oorbluf omdat hy nie in die Dooie See kon sink nie . . .!) 'n Hegte band het tussen die spanlede ontstaan en hy het ook vele ander vriendskapsbande gesluit en sienswyses gedeel. Taalverskille was gelukkig nie 'n groot probleem nie – hy het "daai English tale" gegooi! (Met dank aan mev. Duvenhage!) In die strawwe kompetisie val hy in die kwarteindronde uit, maar behaal 'n 4de plek in die Gemengde-paarkompetisie saam met Nili Drori van Israel! Daar was geen sprake van diskriminasie nie en die wonderlike, trotse, eenheidsgevoel in die vreemde, sal hy vir geen geld ter wêreld verruil nie!

In 1978 het Conroy sy segetog voortgesit en die manne duskant die Vaalrivier het die res van S.A. weer vol gate gesteek! Vanjaar het 'n doelgerigte en vasberade Conroy weer sy skitterprestasie herhaal en bewys dit was geen beginnergeluk nie! Stroom-op wens ons "goue Bokkie" alle voorspoed toe met die komende toer deur Suid-Amerika. Gaan wys daardie "Yankies" ons Affie-boere vat geen nonsens nie!!

Hierdie staatmaker prefek staan ook sy plek vol op ander gebiede en wil graag volgende jaar in die rigting B-Comm, Personeelbestuur gaan studeer.

Conroy oorweeg dit sterk om ook aan 10-kamp (volgens baie die koning van alle sport) deel te neem, maar sy grootste ideaal op die oomblik is om 'n volwaardige Springbok in floret te word. Hierna sal hy streef na Springbokkleure in die ander twee wapens!

"Et voux prez" . . . Conroy!



SPORTVROU VAN DIE TERMYN

# LORETTE DUNCKER

**AHM se hokkie gaan vinnig vooruit en lewer reeds 'n hele paar sterre op.**



LORETTE DUNCKER, die dogter van die oud-Springbokhokkiespeelster, Beth Duncker, het hokkie in St. 6 begin speel onder die bekwame oog van mej. Ria van Rensburg,, wat nou die eggenote van ons skoolgemeentedominee, ds. Strauss, is. Dit was die eerste keer dat sy ooit 'n hokkiestok in haar hand gehad het, want haar ma het gesê dat sy saam met haar maats by die skool moet begin leer speel.

In St. 8 het sy gereeld vir die skool se eerste hokkiespan gespeel. Sy was in die skool se atletiekspan maar die senuwees het gepla. "Met hokkie speel jy saam met jou maats – 'n spanspel is lekkerder", sê sy.

Sy is gekies vir die Noord-Transvaalse Skole Hokkiespan toe sy nog in St. 8 was. In daardie jaar het hulle die B-afdeling by die Suid-Afrikaanse toernooi gewen en is na die A-afdeling bevorder. Mev. Aryna Edwards was die afrigter van dié span.

In St. 9 is sy weer lid van die Noord-Transvaalse Skole Hokkiespan wat die Suid-Afrikaanse toernooi in Stellenbosch gewen het. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat Noord-Transvaal dié gesogte titel gewen het, en vir haar en haar spanmaat, Joh O'Reilly, was dit 'n baie groot voorreg om Afrikaanse Hoër Meisieskool te kon verteenwoordig.

Hierdie jaar is sy weer in die Noord-Transvaalse Skole Hokkiespan ingesluit, en tot kapteine verkies. Joh O' Reilly, Santie Vorster en Carol-Ann Enslin is ook lede van dié span – dus is ons skool goed verteenwoordig. Hulle hoop om hulle provinsie en hulle skool se naam hoog te hou.

Sy is 'n prefek en het ook akademiese erekleure verlede jaar verwerf. Sy speel muurbal en is baie lief vir perdry; haar perd "Master Jack" word in die hokkieseisoen 'n bietjie afgeskeep.

Na skool gaan sy 'n kursus by die Suid-Afrikaanse Leërvrouekollege te George voltooi. Sy voel dat dit nodig is dat elke jong Suid-Afrikaanse vrou moet weet hoe om haar land, haarself en haar dierbares in tyd van nood te verdedig. Daarna gaan sy haar sekretariële studies voortsit.

# Die Span op toer

Gedurende die April-vakansie het 20 rugbyspelers en 2 afrigters na Ermelo vertrek om aan 'n rugbytoernooi, waarby 8 skole betrokke was, te gaan deelneem. Die 8 skole was vanoor die hele Transvaal en die kompetisie van Administrateursbeker gehalte.

Die span het Vrydagoggend, ° ° ??????, vanaf die skool vertrek. Daar aangekom, het die Affies soos al die ander spanne, in Ermelo Hoërskool se koshuise tuis gegaan. Die wedstrydbepalings is daardie middag aan die verskeie spanne bekendgemaak. Affies se eerste wedstryd was teen die Hoërskool Stofberg.

Affies het vriend en vyand verras toe hulle die bulspan van Stofberg met 22-3 verslaan het. Saterdag het Affies 'n minder goeie dag beleef en is hulle deur Vereeniging met 28-3 geklop. Maandag sou Affies teen die sterk span van Ermelo moes speel en hulle het hul geestelik goed voorberei. Ermelo het die taai stryd eers heel aan die einde in hul guns beklink met 13 punte teeoor die 10 van Affies.

Alhoewel die eerstespan nie so goed gevaar het soos verwag is nie, het hulle egter baie geleer en kan die afrigters sien waar daar finale "skaafwerk" aangewend moes word, voordat die Administrateursbeker-wedstryde sou begin.

Na afloop van die seisoen sluit die eerste-span die seisoen af en die afrigters, mnre. J.J.J. van Rensburg en H. Raath beplan om vanjaar weer soos in die verlede, 'n toer na die Kaap te onderneem. Die manne gaan onder andere teen spanne van Rondebosch Boys' High, Paarl Gimnasium, Paul Roos Gimnasium en H.J.S. van Drosdy speel.

Stroom-op wens die eerstespan baie sterkte toe en hoop dat hulle die Kapenaars sal wys hoe om ware Affie-rugby te speel.

# TENNIS

Die Afrikaanse Hoër Meisieskool het sover vanjaar 'n baie suksesvolle tennisjaar gehad.

In die meisiesliga het Affies 5 deelnemende spanne gehad. Die eerste twee spanne is in die A-afdeling, die tweede en derde in die B-afdeling en die vyfde in die C-afdeling ingeskryf. Verlede jaar se wenners van die Administrateursbeker, C.R. Swart, het Affies verlede jaar uitgeskakel. Vanjaar het die eerste span, bestaande uit twee matrieks en twee standerd sessies die Swartjies in die eindstryd van die A-liga gestuit. Hierdie oorwinning het Affies die geleentheid gegee om weer aan die Administrateurs tennistrofee uitdunne deel te neem. Affies se eerste span het hul sege voortgesit en die Interhoër skolekompetisie, vir die vyfde agtereenvolgende jaar gewen.

Baie dankie aan al die tennisspeelsters wat gedurende die liga altyd op hul pos was en 'n spesiale dankie aan mej. Bothma wat die reëlings so goed laat verloop het.